DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE **Weekblad**

2 Maart 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



**Alex Jay kuier by Oom Nelson - 19**

# MAGNUS STAAN ALLEEN

**Elsabé Wessels**

**en Christelle Terreblanche**

**STAATSPRESIDENT FW de Klerk het gister opdrag gegee dat die Harms-kommissie die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, se bewering dat die Swapo-aktivis Anton Lubowski 'n weermag-spioen was, moet ondersoek.**

Parlementslede het gister gesê hoewel De Klerk Malan gister tydens 'n blitsdebat "bra halfhartig" verdedig het, is dié opdrag aan die kommissie 'n suggestie dat hy ook nie vir Malan glo nie.

*De Klerk het die versekering gegee dat "kriminaliteit" nie geduld sal word nie. "Misdaad, waar dit ook al voorkom, moet bekamp en oopgevlek word," het hy gesê.*

Die polisie beskuldig die BSB van die moorde op Lubowski en David Webster en 'n veldtog van moord en terreur teen regeringsteenstanders. Daar is selfs sterk getuienis dat die weermag self een van die vermeende moordenaars, 'n polisie-offisier, op een van hul plase in Noord-Transvaal versteek sodat die polisie nie by hom kan uitkom nie.

Malan het self die laaste spyker in sy eie politieke doodskis geslaan toe hy tydens Maandag se blitsdebat die bestaan van die BSB bevestig het, maar eerder as om te

*Vervolg op bladsy 2*

## Koning van Lusaka, maar die Jode brom



## Eetstakers troef FW

**Audrey Brown**

**'n EETSTAKING deur meer as 340 politieke gevangenes op Robbeneiland kan binnekort die vraagstuk van politieke gevangenes, een van die laaste struikelblokke op die pad na onderhandeling tussen die regering en die ANC, op die spits dryf.**

*Alle manlike wit politieke gevangenes in Pretoria-Sentraal het hulle vanoggend om sesuur by die eetstaking aangesluit. Honderde ander gevangenes wat hulself as politieke gevangenes beskou, gaan hulle ook in die volgende paar dae by die eetstakers voeg, word verneem.*

Die Robbeneiland-gevangenes, wat Maandag ophou eet het, het voor die naweek 'n memorandum uit die tronk gesmokkel waarin hulle onder meer eis dat die noodtoestand heeltemal opgehef word en alle politieke gevangenes vrygelaat word.

Dié twee voorwaardes is die enigstes wat die ANC nog stel voordat hulle bereid is om met die regering te onderhandel.

Aktiviste van die ANC en UDF het gister gesê hulle glo die eetstaking kan president FW de Klerk dwing om die kwessie rondom politieke gevangenes "baie gou" aan te spreek. "Met genoeg openbare steun is hulle dalk volgende week al vry."

Die vorige groot eetstaking deur aktiviste, vroeg verlede jaar, het regstreeks gelei tot die vrylating van honderde mense wat sonder verhoor aangehou is.

Die Robbeneilandse eetstaking betrek al die politieke gevangenes op die eiland - ook dié wat aan die Pan Africanist Congress (PAC) en die Swart Bewussynsbeweging behoort. 'n Paar gevangenes wat te siek is of in die kombuis werk, eet net een maaltyd per dag.

Bewerings deur die gevangeniswese dat die eetstakers skelm eet, is deur 'n woordvoerder namens die gevangenes verwerp. Al hul kos is in 'n sentrale plek toegesluit - niemand eet daarvan nie, sê hy. Volgens familielede het twee dokters in die geledere van die eetstakers hulle aangeraai om daagliks twee liter suikerwater te drink.

In die memorandum, getiteld "Memorandum of the ANC Behind Enemy Lines on Robben Island", neem die gevangenes kennis van die "positiewe rigting" waarin pres FW de Klerk begin stuur, en verbind hulle hul tot die beëindiging van apartheid en die bepa-lings van die Harare-verklaring oor onderhandelinge.

Dié memorandum is Maandag aan die gevangenisowerhede

*Vervolg op bladsy 2*

# Die storie van Reggie, die polisie en die motorsleutels

**Max du Preez**

MANS wat hulle as lede van die veiligheidspolisie voorgedoen het, het doodluiters die Oudtshoomse aktivis Reggie Oliphant se motorsleutels by 'n paneelklopper gaan haal om vir hulself duplikate te maak.

Oliphant, een van die mees vooraanstaande gemeenskapsleiers in die suidwes-Kaap, se motor is vir herstelwerk by Fourie Bakwerke op Oudtshoorn ná 'n ligte ongeluk.

Oliphant sê van die werknemers by Fourie Bakwerke het aan hom kom sê die veiligheidspolisie het sy sleutels gaan haal en duplikate daarvan laat maak.

Die bestuurder van Fourie Bakwerke, Tony Texeira, het gister aan Vrye Weekblad bevestig dat 'n paar mans 'n ruk gelede met 'n "bussie" by sy werk aangekom het - "almal ken die bussie, dit is die veiligheidspolisie s'n."

'n Man het hom as Ferreira voorgestel, Oliphant se motor uitgewys en gesê hy wil die sleutels hê. "Hy het gesê hy soek dit al lankal en het gehoor dit was eers by 'n ander paneelklopper, en nou is hy bly om dit hier te kry," vertel Texeira.

Ferreira het toe die sleutel gevat, weggery en 'n ruk later teruggekom om die duplikaat wat hy laat maak het, te toets.

Die bevelvoerder van die veiligheidspolisie op Oudtshoorn, 'n kapt Hansen, het gister aan Vrye Weekblad gesê dié soort ding "is beslis nie praktyk by ons nie".

Hansen sê hy dra geen kennis van die voorval nie. "Hoekom sal hulle 'n sleutel wil hê? 'n Mens kan tog nie so 'n bekende motor steel nie. Nee wat, ek betwyfel die hele ding. Dit is darem baie onprofessioneel om dit so helder oordag te probeer doen."

Oliphant is die president van die gemeenskapskoerant Saamstaan en die streeksvoorsitter van die UDF. Hy was al herhaaldelik in aanhouding, en was vanaf Februarie 1988 tot 'n paar weke gelede ingeperk.

Hy het gister gesê hy sal nou die motor se slotte moet vervang, "want 'n mens weet nooit wanneer gebeur 'n onverklaarbare ongeluk met jou nie."

## Joodse gemeenskap wil met Mandela gesels

**DIE Joodse gemeenskap in Suid-Afrika het gister in Johannesburg gesê dat hulle 'n ontmoeting met Nelson Mandela sal waardeer ná sy uitspraak dat die toestand in Suid-Afrika en in Israel ooreenstem.**

**In 'n verklaring sê die Joodse Raad van Afgevaardigdes dat Israel heeltemal nie-rassig is. Die verklaring sê dat wat in ander lande gebeur nie relevant vir die toestand in Suid-Afrika is nie.**

**"Ons sal 'n geleentheid vir dialoog met Mandela oor dié kwessie verwelkom," sê hulle in die verklaring. - Sapa**

*Vervolg van bladsy 1*

# Magnus staan alleen



verduidelik of verantwoordelikheid te aanvaar, uit die bloute beweer het Lubowski was 'n agent vir Militêre Intelligensie (MI). Dit het landwyd en in die buiteland 'n storm van verontwaardiging onteken.

Met die stelling dat hy nie vermoor kon gewees het nie omdat hy 'n "goeie agent" was, het Malan in werklikheid erken dat moord een van die funksies van die BSB was, sê regslui en parlementslede nou.

Maar daar hang steeds 'n skadu oor De Klerk self. Hy het gister gesê hy het besluit teen die aangevraagde ondersoek na die omstandighede rondom Lubowski se dood omdat "misdaad in Namibia nie onder die jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse howe resorteer nie."

Gerhard Erasmus, hoogleraar in Staatsreg aan die Universiteit van Stellenbosch, het egter gister gesê die Suid-Afrikaanse howe het steeds jurisdiksie in Namibia in die sin dat die Suid-Afrikaanse Appelhof steeds die hoogste hof ook vir Namibia is. Dit sal eers met onafhanklikheid verander, en tensy die Harms-kommissie se opdrag dit spesifiek uitsluit, is daar geen rede waarom dit nie misdrywe in Namibia mag ondersoek nie. Die Thirion-kommissie is 'n voorbeeld hiervan, sê Erasmus.

Van De Klerk se politieke opponente voel ook dat hy hom nie sterk genoeg van Malan gedistansieër het nie, en dat hy reeds in Januarie, toe hy van die BSB gehoor het, dit openbaar moes gemaak het.

Parlementariërs het gister ook gesê die feit dat Malan se adjunk, Wynand Breytenbach, volgens eie getuienis niks van die BSB geweet het nie, "is al klaar genoeg rede vir Malan om te bedank".

Die Harms-kommissie begin Maandag met sy werksaamhede en Malan het in antwoord op die talle vrae oor sy uitlating gesê hy het bewyse van Lubowski se dubbele rol en sal dit in die komende week aan die kommissie voorlê.

De Klerk het gister gesê hy het 'n volledige ondersoek gelas na koverte operasies wat die Weermag en polisie insluit.

Hy glo dat dié soort aksies tot die "allernoodsaaklikste minimum beperk moet word."

# Redakteur weer in hof

**Pearlie Joubert**

DIE vervolging van die redakteur van Vrye Weekblad, Max du Preez, het dié week in die Johannesburge Landdroshof voortgegaan nadat hy verlede jaar op ses aanklagte ingevolge die noodtoestand aangekla is.

Die staat beweer dat Vrye Weekblad tussen Desember 1988 en Februarie 1989 "ondermynende verklarings" oor militêre diensplig gepubliseer het.

Adv Edwin Cameron het vir die verdediging aangevoer dat Du Preez nie vervolg kan word nie omdat hy aangekla is weens 'n oortreding van die 1988-noodmaatreëls. Dié maatreëls het reeds verval toe die klag op 8 September 1989 teen hom ingedien is.

Cameron het daarom aansoek gedoen dat die aanklagte uitgegooi word.

Volgens die wet kan 'n noodtoestand net vir 'n periode van twaalf maande afgekondig word.

Die 1988-noodtoestand, waaronder Vrye Weekblad aangekla is, het dus outomaties teen middernag op 9 Junie 1989 verstryk.

Die staatsaanklaer, Ilse Klopper, het aangevoer dat die vervolging regmatig was omdat die nuwe noodtoestand afgekondig is voordat die oue verval het.

Dit beteken dat die ou noodtoestand herroep is en nie verval het nie.

Volgens vorige Hooggeregshof-uitsprake kan 'n mens vervolg word ingevolge wetgewing wat herroep is ná die misdaad gepleeg is.

Landdros PF du Plessis het gesê die staatspresident is by magte om 'n nuwe noodtoestand af te kondig terwyl die oue steeds geldig is.

Hy het ook aangevoer dat indien die staatspresident 'n noodtoestand uitroep 'n dag voor die ou noodtoestand verval, die ou noodtoestand se bepalinge herroep word.

Die nuwe noodtoestand is dan ook uitgeroep 'n dag voor die oue verval het.

Volgens hom moes die staatspresident kennis dra daarvan dat indien hy die nuwe noodtoestand 'n dag voor die oue verval uitroep, hy die regulasies onder die vorige noodtoestand herroep.

Daarom is Cameron se aansoek afgewys.

Die volledige verhoor is tot 22 Mei uitgestel.

Cameron is bygestaan deur adv Gilbert Marcus, in opdrag van Bell, Dewar en Hall.

## Mandela waarnemende president van ANC?

**Anton Steenkamp**

LUSAKA - Die belangrikste ontmoeting van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) sedert Mandela vrygelaat is en die organisasie gewettig is, het gister hier begin en duur vandag voort.

Hoewel die agenda vir die samesprekings nie bekend is nie, sal Mandela se posisie in die organisasie, die gewapende stryd, die moontlike terugkeer van uitgewekenes en die samestelling van 'n afvaardiging om FW de Klerk te ontmoet, waarskynlik bespreek word.

Party ANC-lede hier is daarvan oortuig dat Mandela onmiddellik as waarnemende president aangestel moet word terwyl Olivier Tambo siek is. 'n Ander standpunt is egter dat Mandela meer is as net leier van die ANC en dat hy 'n fassiliterende rol moet speel eerder as om 'n spesifieke amp in die organisasie te beklee.

Sodoende sal hy 'n verenigende faktor wees wat selfs leiers van die PAC, die Swartbewussynsbeweging en Inkatha kan saamtrek om 'n verenigde front by die onderhandelingstafel te vorm.

Die gewapende stryd is besig om vir die ANC 'n turksvy te word.

Pres Kenneth Kaunda se persoonlike mening is dat die gewapende stryd binnelands opgeskort moet word in die voor-onderhandelingsfase, hoewel opgeleide soldate op hul plekke moet bly.

Die Anglikaanse Kerk onder Aartsbiskop Desmond Tutu het ook vir 'n opskorting van beide kante gevra, en heelwat Westerse lande steun dié standpunt.

Die ANC se amptelike standpunt, soos vervat in die Harare-verklaring, is dat beide die ANC en die regering 'n skietstaking moet eerbiedig wanneer onderhandelings begin. Die NUK sal hieroor uitsluitsel moet gee.

Baie van die bannelinge praat nou openlik van huis toe kom en die datum wat genoem word, is Desember vanjaar. Wanneer, indien wel en hoe dit sal gebeur, sal deeglik uitgewerk moet word.

Na die wettiging van die ANC het dit ook belangrik geword om uitsluitsel te gee oor die heropbou van strukture binne die land en oor die posisie van organisasies soos die UDF en sy affiliate.

Die belangrikste punt op die agenda is waarskynlik die kwessie van samesprekinge tussen 'n ANC-afvaardiging en De Klerk oor die stappe op pad na 'n onderhandelde skikking.

Wie deel sal vorm van die ANC-afvaardiging en wanneer dit sal plaasvind, sal hopelik teen die einde van die naweek bekend wees.

*Vervolg van bladsy 1*

# Staking

oorhandig en nog geen reaksie daarop gelewer nie. "Ons is daarvan oortuig dat daar geen wettige, politieke, veiligheids- of morele regverdiging vir ons verdere aanhouding is nie. Ons organisasie is nou 'n wettige politieke orga-nisasie en ons voortgesette gevangeskap skep nie 'n klimaat vir onderhandeling nie."

Die gevangenes eis ook die opskorting van politieke verhore en die onttrekking van die weermag en kitskonstabels uit die townships.

Volgens die memorandum word die status van politieke gevangenes deur die staat "verwring". "Die Pretoria-regering verwring ons status as politieke gevangenes deur doelbewus ons politieke bedrywighede te kategoriseer en te kriminaliseer. Ons omstandighede as gevangenes gaan progressief agteruit in regstreekse verhouding met die koers van die sogenaamde hervorming en hernuwing van die Nasionale Party."

Die staat se definisie van politieke gevangenes sluit net mense in wat daaraan skuldig bevind is dat hulle 'n lid was of aan die bedrywighede van 'n "onwettige" organisasie deelgeneem het. 'n Aantal mense is reeds vrygelaat ingevolge dié definisie.

Volgens regsgeleerdes wat optree namens die eetstakers is meer as 90 persent van die gevangenes wat nou op Robbeneiland is, skuldig bevind aan terreur, sabotasie en openbare geweld.

'n Groot veldtog, gekoppel aan die hongerstaking, word nou beplan om meer momentum aan die die eise van die stakers te gee.

Volgens Willie Hofmeyr, een van die prokureurs wat namens die stakers optree, en self 'n gewese eetstaker, is dié 'n politieke vraagstuk en hang die sukses van die staking af "van die momentum wat met die veldtog bereik kan word".

"Geen massa-hongerstaking kan te lank aangaan nie, omdat mense in verskillende toestande verkeer. Daarby is die dieet in gevangenisse nie voldoende om reserwes op te bou nie, en daarom is ons vasbeslote om die veldtog te laat slaag."

Familielede wat besoek by die gevangenes afgelê het, meen dat moraal hoog is en dat die stakers bereid is om aan te hou totdat daar aan die eise voldoen is. Daar is reeds berigte dat een van die stakers begin siek voel.

Thenjiwe Radebe het gister aan Vrye Weekblad vertel dat haar neef, die 39-jarige Geoffrey Radebe, gekla het van maagkrampe toe sy hom vroeër dié week besoek het. Radebe dien 'n lewenslange vonnis uit.

Noluthando Nduna sê haar broer, Xolani, het "goed gelyk toe ek hom gesien het." Nduna is weens aanklagte van verraad skuldig gevind, en het reeds vier-en-'n-half-jaar van sy vyfjaarvonnis uitgedien.

'n Opmars na die parlement word vir twee-uur vandag beplan om die gevangenes se memorandum aan parlement te oorhandig.

Talle mense wat die eetstakers ondersteun is reeds vroeër die week in hegtenis geneem en weens onwettige byeenkomste aangekla nadat hulle aan optogte deelgeneem het. Hulle is almal op borgtog vrygelaat en verskyn later die maand in die hof.

* CHARLES LEONARD berig dat Damien de Lange, een van die wit gevangenes en lid van die Broederstroom ANC-sel, die boodskap dat wit gevangenes ook gaan ophou eet, gister saam met sy broer, Kieran, na die buitewêreld uitgesmokkel het.

De Lange en vier ander gevangenes, Iain Robertson, Stephen Marais, Carl Niehaus en Eric Pelser, berei hulle reeds sedert die begin van die week vir dié eetstaking voor, sê Kieran de Lange.

Dit is onbekend of die vroulike wit politieke gevangenes in Pretoria-Sentraal ook op 'n eetstaking is.




# Nou kan jy jou gunsteling-koerant Vrydag al by die huis afgelewer kry!

Na heelwat probleme met vertraagde posaflewering van Vrye Weekblad en klagtes dat dit nie altyd maklik bekombaar is nie, kan ons nou aankondig dat jy jou Vrye Weekblad vanaf 30 Maart by die huis afgelewer kan kry - én teen 'n afslag.

Dit werk so: Op 30 Maart kom ons met 'n splinternuwe koerant. Dit gaan anders lyk en dit gaan anders wees - beter en aantrekliker. En baie opwindend.

Weens stygende koste moet ons ongelukkig ook vanaf dié datum die verkoopprys van die koerant verhoog na R1,50 (AVB ingesluit.)

Maar hier is 'n kans om Vrye Weekblad 'n jaar lank teen die ou prys te kry - by jou huis afgelewer op 'n Vrydag. Teken voor 23 Maart in op Vrye Weekblad en dit sal jou net R60 (AVB ingesluit) vir twaalf maande kos. Vir ses maande is die prys R30 (AVB ingesluit). Ná 23 Maart gaan dit R75 per jaar kos.

Mense wat nou die koerant per pos afgelewer kry en dit na huisaflewering wil verander, moet net die vormpie hieronder invul.

Ongelukkig geld huisaflewerings tot verdere kennisgewing net die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging-gebied, Bloemfontein en Wes-Kaapland.

Dieselfde spesiale aanbod van R60 en R30 geld ook tot 23 Maart vir gewone posintekenaars in gebiede waar daar nog nie huisaflewering is nie. Die adres is: Posbus 42637, Fordsburg 2033

Vrye Weekblad

Ek wil Vrye Weekblad vir 12/6 maande by my huis afgelewer kry

Naam: ____________________

Adres: ____________________

____________________ Poskode: __________

Ek sluit 'n posorder/tjek van R60/R30 in.

Vrye Weekblad

Ek is 'n posintekenaar en wil voortaan Vrye Weekblad by die huis afgelewer hê

Naam: ____________________

Adres: ____________________

____________________ Poskode: __________

# 'Ons moet aanhou knaag aan die Christelike gewete'

**As staatsdiensamptenaar het Kobus Jordaan sy veiligheidsklaring verloor omdat hy gesprekke met die ANC voorgestel het. Dis met ironie dat hy nou, as die DP-LP vir Umhlanga, die regering se nuwe rigting vanuit die opposisiebanke gade slaan. ELSABé WESSELS het met hom gaan gesels**



KOBUS JORDAAN krap onder die vel van die Afrikaner. Wat hy hoop om te vind, is 'n gewete - 'n gewete waarin Christelike waardes in 'n politieke beleid weerspieël word.

As DP-LP trek Jordaan aandag. Dis nie net sy Afrikaner-agtergrond nie, maar ook sy werksaamhede in Chris Heunis se grondwetlaboratorium wat 'n mens onwillekeurig na hom laat kyk. Hy het lank in die binnekringe van regeringspolitiek beweeg.

Dat die woord "onderhandeling" die sagte hakskeen van die Nasionaliste bedreig, besef Jordaan beter as enigiemand anders.

Hy was immers sy pos kwyt nadat hy en kollega Fanie Cloete se onderhandelingspogings met die ANC aan die groot klok gehang is.

Toe was onderhandeling nog 'n skeldwoord en die ANC moordenaars en kommuniste. Nie die soort mense met wie die NP hom ophou nie. Allermins mense met wie onderhandel word.

Nie soveel maande later nie, kyk Jordaan met goedkeuring na die onderhandelingsproses wat wil-wil begin.

"Die normalisering van die politiek was 'n ideaal waarvoor ek my my lewe lank, dikwels teen 'n hoë prys, beywer het," het Jordaan op 6 Februarie in antwoord op die Staatspresidentsrede gesê.

### Ossewa Brandwag

Jordaan het in 'n politieke huis grootgeword. As die seun van die skoolmeester in 'n sterk armblanke-gemeenskap is Afrikanernasionalisme vroeg reeds in hom aangewakker. Sy ma was 'n lewendige ondersteuner van die Ossewa Brandwag.

Maar alles het nie altyd gerym nie. Met die herinneringe van die goeie verhouding tussen boer en werkers op sy oupa se plaas, het hy saam met sy familie 'n gevoel van lojale verset ervaar toe Kleurling-kiesers hul stemreg ontneem is.

Met Jordaan loop 'n mens in twee diep vore - dié van aardsrealis én Christen.

In sy hart bly Jordaan die akademikus - die onderwyser en dosent. Sy vakgebied, die natuurwetenskappe, bly vir hom 'n rigtingwyser. Ook in die politiek.

Hy verwys graag na sy jare op Grey Kollege - waar 'n tweetalige onderrig hom van oordrewe vooroordele gevrywaar het - as sy "universiteitsjare".

Sy "skooljare" het na die tyd gevolg - op die Universiteit van die Oranje Vrystaat, waar Afrikaner-nasionalisme 'n benepenheid geskep het.

Sy onwrikbare geloof as Chirsten vorm die basis vir sy optrede. As jongman is hy na die sendingveld in Zambië om te gaan skoolhou. "Kyk ek terug, dink ek dat 'n groot deel van my motivering was om van apartheid weg te kom," sê hy.

Maar strukture van die NG Kerk is nie die plek om apartheid te ontsnap nie. Dit het Jordaan weldra ervaar. Gebeure tydens sy vyf jaar lange verblyf in Zambië, waar onafhanklikheid besig was om 'n werklikheid te word, het 'n sterk indruk op hom gelaat. "Ek het gesien wat die gevolge is van blankes wat nie betyds die onregverdighede van die verlede begin regstel nie."

In 1976 is hy terug universiteit toe en daarna na die Universiteit van Zoeloeland.

"Maar uit die politiek kon ek nie bly nie." Jordaan die pragmatis het gedink dat die lesse van die sendingveld en by Zoeloeland in die praktiese politiek ingevoer kon word.

### Demokrasie

Met dié oortuiging het hy aktief betrokke geraak by NP-politiek. "Ek het deurlopend my standpunte probeer invoer. Ek het tóé reeds geglo dat ons in Suid-Afrika by 'n nie-rassige demokrasie sal moet uitkom. 'n Mens kan nie met ras as maatstaf 'n toekomstige Suid-Afrika bou nie."

Ondanks die NP se rasse-ideologie van die sewentigerjare het Jordaan geglo dat dit steeds haalbaar sou wees deur middel van druk van binne.

Hy het 'n lid van die Senaat geword, 'n lid van die Schlebusch-kommissie oor die Grondwet en 'n kommisaris-generaal in Gazankulu.

In 1984 is hy deur Gerrit Viljoen versoek om 'n ondersoek te doen na die heersende swart opstande. Dié ondersoek, wat as "uiters geheim" geklassifiseer is, was ook vir Jordaan "'n persoonlike Rubicon".

Sy agtergrond in die sendingveld en 'n tuisland het hom aan die landelike swartmens bekendgestel. Met sy ondersoek na die opstande het hy eerstehands die aspirasies van swart burgers in die stede ervaar.

"Ek het besef dat die tempo van NP-hervorming en die meganismes wat aangewend word nie die gewenste uitwerking het nie."

In September 1985 is hy by Staatkundige Ontwikkeling aangestel. Hier het hy hom teen die weerstand teen hervorming en onbuigsame meganismes vasgeloop. Jordaan was een van die mense wat voelers na die buiteparlementêre strukture en leiers begin uitsteek het. Dit wat hulle geleer het, het hulle in die praktyk probeer omsit. Maar die NP onder PW Botha was nie gereed daarvoor nie.

As baas van Staatkundige Ontwikkeling moes Chris Heunis later dieselfde pad as sy amptenare loop. "Deur ons blootstelling aan die swart politiek het ons Chris Heunis daarvan oortuig dat dít wat die NP aangebied het geheel en al onvoldoende was."

Jordaan beklemtoon die werklikheid van die swart politiek. "My akademiese agtergrond dwing my om te kyk na die feite. 'n Mens kan nie net na jou emosie en jou eie wil luister nie."

Jordaan sê hy is niks anders as 'n Afrikaner nie en hy wil sy "eie mense die lig laat sien".

Dieselfde geloofsoortuiging wat hom na die sendingveld gelok het, lok hom nou om die Christelike gewete van die Afrikaner aan te spreek.

### Oefenlopies

Jordaan moes al vroeër in sy lewe dié besluit maak. "Los jy jou mense, of staan jy by hulle met die hoop dat hulle die lig sal sien?"

Oor sy buiteparlementêre oefenlopies sê Jordaan dat dit makliker was om by swart leiers begrip te kweek vir die regering as andersom. Daar was deurgaans begrip vir die werklikhede en vrese van witmense, sê hy. Van die dilemma van die swart politiek wou Nasionaliste min weet.

Daar was 'n houding jeens hom dat hy 'n ou wêreld vir 'n nuwe versaak het.

Vir Jordaan was dit nie 'n kwessie van sy rug keer op sy eie mense nie, maar nooit vantevore is hy so direk met die werklikheid gekonfronteer nie.

"Vandat ek in Zoeloeland klasgegee het, het ek besef dat 'n mens nie kan besluit wie die leiers van ander is nie. Jy kan ook nie leiers maak nie."

Praat met die ANC was taboe. Vir die besluitnemers was die ANC geweldenaars. Die verskille was besig om op 'n botsing af te stuur. Volgens PW Botha was Heunis se span besig om met die verkeerde mense te praat.

Jordaan het in daardie stadium nooit regstreeks kontak met 'n ANC-leier gehad nie - maar wel deur tussengangers - en as gevolg daarvan is sy veiligheidsklaring opgeskort.

### Gevangenes

Jordaan en sy kollegas het besef dat die wettiging van die ANC en die vrylating van politieke gevangenes die enigste uitweg uit die politieke doodloopstraat sou wees. Dit was die "wetenskaplike feite."

Uit frustrasie is Jordaan reeds in die begin van 1987 uit die NP. "Ek het net besef dat die mense in die NP wat nou dinge doen, besig was om te verloor teen dié wat dinge terug wou hou."

Jordaan is tevrede met dit wat FW de Klerk sedert 2 Februarie begin het.

Maar Jordaan twyfel in De Klerk se vermoëns om die politiek ten volle te "demokratiseer".

Hy beskou De Klerk as 'n "neo-Verwoerdiaanse ideoloog". Hy sal net demokratiseer as hy gedruk word, sê Jordaan.

Op sy eie manier begin Jordaan oor druk te praat. Daar bestaan geen twyfel by hom nie dat druk - watter vorm dit ook al aanneem - net positief inwerk om die Nasionaliste vorentoe te laat gaan.

Hy glo ook dat De Klerk onder groter druk al hoe meer "sy ware kleure" sal wys - 'n verbondenheid tot wit bevoorregting binne die raamwerk van groepsregte. Vir Jordaan is dié posisie niks anders as neo-apartheid nie.

Die parlement is steeds vir hom die doeltreffendste plek om demokratiese druk uit toe oefen. Die skeidslyne tussen parlementêre en buiteparlementêre politiek het vervaag. Maar as Afrikaner glo hy dat hy die meeste druk op sy eie mense van binne die Volksraad kan plaas.

"Ons moet witmense mobiliseer vir die demokrasie. Verwerp 'n mens die Volksraad, gooi jy jou wit kiesers vir die regses."

"Ons moet aanhou knaag aan die Afrikaner se Christelike gewete," sê hy vol vertroue.


**WITS**

Senate House, Jorissen Street, Braamfontein

open lectures for scholars and members of the public

| | | |
|---|---|---|
| February 20 | A History of Medicine Through Art | Prof C Rosendorff |
| February 27 | The Death Penalty | Prof C J R Dugard |
| March 6 | Imaging the Earths Interior: The Science of Geophysics | Prof B Corner |
| March 13 | The Okavango Delta | Prof T S McCarthy |
| March 20 | Marine Biology: A Botanists View | Prof R N Pienaar |
| March 27 | The Games Parasites Play | Dr A Wadee |
| May 8 | To Read Or Not To Read | Dr J Sherman |
| June 5 | The Coal Processing Road Show | Prof D Horsfall |
| June 12 | Chemistry Through Observation | Dr K Naik |
| June 19 | Law As An Instrument For Change | Prof M Brassey |
| June 26 | The Geological History of Johannesburg: 3500 Million Years of Earth History | Prof T S McCarthy |

VENUE: SH 6 TIME: 19:30

Booking at Computicket from 10 February—no charge

Enquiries—Schools Liaison Office 716 3597 or Information Desk 716 3162

# Gedwonge verskuiwings 'n 'strategie' van dié Oos-Randse stadsraad

Pearlie Joubert

GEDWONGE verskuiwings blyk nog lank nie verby te wees nie.

Tien huisgesinne van Ou Lokasie in Germiston het onlangs dagvaardigings van die stadsraad ontvang waarin hulle gevra word om uit hul huise te trek.

Die stadsraad van Germiston het op 1 Junie verlede jaar briewe aan die sowat 400 huisgesinne van Ou Lokasie, of Driefontein soos dit amptelik bekend staan, oorhandig waarin hulle ingelig is dat hul "huurooreenkoms beëindig is".

'n Hooggeregshofsaak is onlangs weer deur die Germiston-stadsraad heropen nadat hulle aan die einde van verlede jaar die saak van "Onwettige Besetting" teen die inwoners van die Ou Lokasie teruggetrek het.

Van die mense woon al 104 jaar lank op dié stuk grond.


## Huur

David Sampson, 'n onderwyser en onder-voorsitter van die bestuurskomitee van Ou Lokasie, sê sy "ouma en oupa se kinders se kinders is ook nou al op dié aarde en nou sê hulle ons huur het verstryk".

Die eerste verskuiwings van die Ou Lokasie-inwoners was sowat 50 jaar gelede toe die stadsraad van Germiston die mense na Reigerpark in Boksburg verskuif het. Volgens Sampson was dié township gou vol.

"Toe wou hulle, jare later, vir ons na Edenpark in Alberton skuif." Edenpark is 44 kilometer van Ou Lokasie af.

Twee jaar gelede het die Germiston-stadsraad besluit om aan die mense 'n keuse te stel van waarheen hulle verskuif wil word: òf Rabieridge, aan die Noordrand, òf Edenpark.



"Ou Lokasie" wat nou met gedwonge verskuiwings gedreig word

Foto: Santu Mofokeng, Afrapix

"Beide dié plekke is ver van die mense se werk af, ver van die winkels af en daar is niks. Daar waar hulle die huise gebou het, was vroeër 'n dam gewees. Die grond is baie modderig," sê Sampson.

Volgens hom is dit geografies ook so geleë dat die water reguit na die huise by Edenpark, sal vloei. Skaars twee jaar nadat dié huise gebou is, het reën vroeër vanjaar veroorsaak dat sowat 180 huise se dakke afgewaai en die meeste van die ander huise oorspoel is.

Die voorsitter van die Bestuurskomitee van Germiston, Stan van Eeden, sê dit is 'n "leuen dat dié huise deur die reën beskadig is".

Volgens Sampson het die stadsraad aan die mense beloof om die eerste drie maande se huur te betaal en om hul besittings verniet te vervoer as hulle na Edenpark trek.

"Dit het die mense verdeel en die stadsraad het ook mense in die lokasie aangestel om die ander om te praat om te trek.

"Nou, na drie maande, is die huur nog nie betaal nie en van die mense het hul huise verloor. Die mense het só gehuil, hulle was só kwaad. Hulle moes ook R150 betaal vir die vervoer van hul besittings na Edenpark. Die stadsraad het gelieg, hulle het mense met 'n slapriem gevang."

## Plakkersgebied

Dié mense wat hul huise verloor het, het na bewering na die "Forest" - 'n plakkersgebied daar naby - getrek omdat hulle nie die huur kon betaal nie.

Die stadsklerk van Germiston, Tonie Heyneke, sê: "Die stadsraad het al sy beloftes nagekom. Ons het alle rekeninge betaal en miskien is daar nog 'n klein bedraggie uitstaande, maar dit word betaal."

Volgens hom het die stadsraad aangebied om kosteloos die mense van Ou Lokasie se goedere te vervoer "en dit is kosteloos gedoen. Indien mense van eie vervoer gebruik gemaak het, het die stadsraad nie daarvoor betaal nie".

Sampson sê die krotsituasie in Ou Lokasie is die stadsraad se skuld. "Hulle wou ons heeltyd hier weg hê omdat dié grond, as industriële grond, blykbaar R7 miljoen werd is." Heyneke sê hy weet nie hoeveel die grond werd is nie, "maar uiteindelik sal dié grond vir industriële ontwikkeling gebruik word".

## Water

Geen huis in die Ou Lokasie het water nie. Ongeveer 30 gesinne deel 'n kraan wat op die hoeke van strate aangebring is.

Volgens Heyneke is dagvaardigings om te trek aan tien gesinne gegee "omdat dit baie duur sal wees om die hele gemeenskap te dagvaar. Dié sake word as toetssake beskou.

"Indien die stadsraad die hofsaak verloor, sal ons ons by die hofuitspraak neerlê. Ons sal maar kyk hoe die wind waai."

Heyneke sê die mense van Ou Lokasie moet weens die Groepsgebiede wet verskuif word. "Hulle moet na hul eie groepsgebiede veskuif word, omdat die grond waarop hulle tans woon nie 'n Kleurling-groepsgebied is nie".

Ellem Francis van die Legal Resource Centre, wat die saak vir Ou Lokasie behartig, sê aanvanklik wou die stadsraad van Germiston 47 families verskuif het.

Nadat dié saak deur die stadsraad laat vaar is, het hulle nou reeds agt families gedagvaar om Ou Lokasie te verlaat.

Volgens hom lyk dit asof die stadsraad van die leiers in die gemeenskap ontslae wil raak "omdat die dagvaardigings selektief aan huisgesinne gestuur is".

Heyneke en Van Eeden ontken dat dit die geval is.

## Ooreenkoms

Volgens Heyneke woon daar "verskillende kategorieë" mense in Ou Lokasie. "Van hulle is gewoon plakkers, ander het geen reg om daar te woon nie en ander het 'n ooreenkoms. Daar is mense uit elke kategorie gedagvaar."

Van Eeden sê dat daar 'n paar mense uit elke straat gedagvaar is as "deel van die stadsraad se strategie". Hy wou nie vertel wat dié strategie behels nie.

Francis is egter van mening dat die saak buite die hof geskik sal word omdat daar geen huise in Edenpark, waarheen die mense veronderstel is om te trek, beskikbaar is nie.

Die geweldige regskoste kan ook moontlik daartoe lei dat die saak buite die hof geskik sal word.


**The Publishing Project of the SACHED Trust has a vacancy for a <u>COMMISSIONING EDITOR</u>**

The job involves conceptualising, commissioning and editing progressive educational texts.

<u>We require someone who:</u>
* Has experience in editing
* Has a faultless command of English
* Is committed to a democratic, non-racial education system
* Is able to work well with people

<u>The following will be considered advantages:</u>
* An understanding of the publishing process
* Educational experience, particularly in a second-language English context
* Experience in political organisations


*The post is vacant from April 1990*

Salary is commensurate with qualifications and experience. Please send your application with a recent CV and the names of two contactable referees to:

Publishing Project Co-ordinator
SACHED Trust
PO Box 11350
Johannesburg
2000

Applications should reach us by 12 March 1990






Beskikbaar in *geel/rooi/turkoois* of *geel/groen/swart*
Groottes: K, M, G, XG, XXG
Prys: R25 AVB ingesluit (R1 ekstra vir XXG)
Beskikbaar by: Naartjie Oligarghy
Beachweg 6A
Woodstock
Kaapstad, 7925
Tel 417-2199

# Die jong leeu se boodskap: 'Nou moet daar net een wenner wees - Suid-Afrika'

**Peter Mokaba, die president van die South African Youth Congress (Sayco), word deur talle mense as een van die belangrikste jong leiers in die land beskou. Dié jong leeu is al met 'n jonger Nelson Mandela vergelyk. AUDREY BROWN het met hom gaan gesels.**

**Waarom dink jy is jy onlangs, net kort voor Nelson Mandela se vrylating, aangehou?**

Die Noord-Transvaalse polisie was bekommerd omdat ek skielik daar opgedaag het. Hulle het my uitgevra oor die doel van my besoek. Ek het vir hulle gesê ek is daar om my mense te organiseer, dat ek gekom het om 'n boodskap van kameraad Nelson Mandela te bring.

Maar ek probeer steeds om die optrede van die polisie te verstaan. Ek het hulle gevra hoekom hulle my aanhou en ek het selfs 'n brief aan pres FW de Klerk geskryf om duidelikheid oor die saak te kry. Van my kant af beskou lyk dit asof FW de Klerk nie die ondersteuning van die polisie geniet nie, en dit is belangrik vir ons omdat die polisie die mense is wat die staat se beleid aan die mense moet oordra.

Hulle sê ek is onregverdig teenoor De Klerk. Hulle sê dat hulle bewus is van die feit dat daar ver-regses in die polisie is. Ek het toe my aanhouding op dié manier verstaan: miskien is die regses besig om ons te gebruik in hul stryd teen De Klerk sodat ons so verbitterd raak dat ons begin twyfel. Ek dink hy moet ook bewus wees van die situasie, en hy het ook nie die wit gemeenskap opgevoed oor sy hervorminge nie. Dit is tragies, en gevaarlik. Dit kan maklik 'n resep vir 'n ramp wees.

**Hoe beskou Sayco die huidige fase, en waar staan Sayco wat onderhandeling betref?**

Ons beskou dié fase as 'n nuwe situasie wat nuwe taktiek en nuwe kragte benodig. Ou taktieke sal natuurlik nog aangewend word, maar daar is ongetwyfeld nuwes nodig. Ons taktiek word deur materiële omstandighede en ons eie ideale bepaal. Wanneer die omstandighede verander, verander ons taktiek ook. Maar die stryd om ons ideale te bereik word steeds voortgesit, selfs in die nuwe omstandighede.

Ons in Sayco sal onderhandel as ons tevrede is dat ons ons hoofdoel sal bereik, en dit is die oorhandiging van mag en die dood van apartheid. Die stryd gaan vir ons om lewe. Ons wil lewens red, en as daar vir ons 'n geleentheid is om lewens te red, dan sal ons dit dadelik aangryp. Selfs nadat die ANC die gewapende stryd as strategie aangeneem het, was die lewe van die individu, die lewens van ons mense, steeds hul hoogste prioriteit. As 'n organisasie van jeugdiges moet ons natuurlik ook tred hou met die werklikhede van die situasie.

**Dink jy die jeug beïnvloed die rigting wat die stryd inslaan?**

Ja, dit gebeur baie beslis. Die jeug is aan die voorpunt van die stryd. Niemand kan die jeug ignoreer nie. Ons het byvoorbeeld onderhandeling as 'n vraagstuk reeds in 1987 begin bespreek. Dié stap is gedoen toe dit duidelik begin word dat onderhandeling op die agenda van die stryd sou kom. Ons het die vraagstuk aangespreek om die bevrydingsbewegings by te staan.


Ons was ook deel van die voorbereidings vir die vraagstuk, ons het deelgeneem aan die verspreiding van die Harare-verklaring onder die OEA-lede, ons was deel van die Konferensie vir 'n Demokratiese Toekoms waar die verklaring binne die land aanvaar was. Ek is tevrede dat ons selfs in die opstel van die grondwetlike voorstelle gedeel het.

**Glo jy die jeug moet 'n spesiale plek inneem sover dit onderhandeling betref?**

Ek glo baie mense is hul lewens aan die toegewydheid van die jeug verskuldig. Kameraad Tambo het gesê dat 'n nasie wat die jeug verwaarloos nie hul toekoms werd is nie. Ek dink daar sal spesiale erkenning aan die jeug gegee word. Ek is baie teleurgesteld dat FW de Klerk net een sin aan die jeug gewy het in sy toespraak - al wat hy gesê het is dat ons vrede verdien het.

**Wat sou jy sê, is die belange en frustrasies van die jeug?**

Die jeug wil leef en leer. Die belange wat naaste aan ons harte lê, is om ons talente en ambisies te bevorder. En tog word ons om elke draai deur apartheid gefrustreer. Ons wil die tog vir kennis voortsit, ons wil werk, ons wil skoolgaan. As jy mooi kyk, sal jy sien dat apartheid oral in ons pad staan - ons kinders kan nie speel nie want hulle word in die townships geïsoleer, 'n jeugdige kan nie werk vind nie omdat apartheid dit vir hom moeilik maak.



Peter Mokaba

*(Foto: Eric Muller - Afrapix)*

**Is jy daarvan oortuig dat onderhandeling die einddoel sal bereik?**

Sover dit die breë demokratiese beweging, die bevrydingsbeweging en Sayco aangaan, word sprake van onderhandeling nie gebruik om mense te demobiliseer nie. Eintlik het ons die vraagstuk aangepak as 'n manier om die jeug te organiseer. So kon die jeug 'n georganiseerde insig oor die vraagstuk bekom.

**Aanvaar Sayco verantwoordelikheid vir die optrede van die jeug by die Mandela-saamtrek in Kaapstad?**

Dié gedrag vorm nie deel van die dissipline wat Sayco leer nie. Ons neem wel kennis van die kommentaar wat deur ons leiers gelewer is, dat daar nog baie te doen staan wat die organisering van die jeug betref. En as mense sê die jeug het dit of dat in die stryd gedoen, dan kan ons nie anders as om daarvan kennis te neem nie. Wangedrag het niks met ons bevryding te doen nie. Ons moet ons stryd voer op 'n manier wat nie vir ons net een nie, maar miljoene mense kan wen.

**Hoe bepaal jou organisasie lidmaatskap en ondersteuning?**

Die manier waarop ons lidmaatskap bepaal, hang van die omstandighede af. Daar was tye wat die polisie ons lede gesoek het, en dit was vir ons baie moeilik om lidmaatskapskaarte uit te deel. Toe het ons ons lidmaatskap bepaal deur te sien hoeveel ondersteuning ons veldtogte kry. Daar is ander maniere ook, soos byvoorbeeld die gebruik van Sayco-slagspreke, die hysing van die Sayco-vlag, asook erkenning van lidmaatskap tot Sayco.

**Moedig Sayco sy lede aan om by Umkhonto we Sizwe, die ANC en die SAKP aan te sluit?**

Toe al dié organisasies onwettig was, is dié beroep nie gedoen nie. Maar onder normale omstandighede moedig ons hulle aan om by dié organisasies aan te sluit. Ons het so 'n resolusie by ons loodsingskonferensie aangeneem. Dit beteken dat die bestaan en loodsing van Sayco eintlik mobilisering vir die ANC is. Ons voer ons stryd om die ANC te bevorder, en ons is al dikwels landuit om met die leierskap van die ANC te gaan praat. Ek sou dus sê dat ons ons lede aanmoedig om by die ANC aan te sluit.

**En wat dan van MK? Veral in die lig van die feit dat die simbole van die jeug baie sterk aan MK herinner?**

Dit is waar dat MK die jeug baie na aan die hart lê. Dit is ook waar dat die meeste van ons jeug deel van MK wil vorm, omdat 'n groot deel van MK se strukture uit hul tydgenote bestaan. Nadat Sayco in die lewe geroep is, het MK 'n groei beleef. Maar as 'n wettige organisasie is dit baie moeilik vir ons om mense aan te moedig om by MK aan te sluit. Só 'n beroep sou ook nie vir ons winsgewend wees nie. In elk geval het die ANC sy eie werwingstrukture. Al wat ons doen, is om nie in die pad te staan van enigiemand wat by MK wil aansluit nie. Daar is al lede van Sayco se uitvoerende komittee wat by MK aangesluit het. Ons sal hulle nie keer nie.

**Hoe voel die jeug oor die klaarblyklike staking van MK-bedrywighede?**

Volgens my is daar geen stilstand nie. Ons weet die gewapende stryd sal voortduur solank apartheid bestaan. 'n Mens moet ook besef dat die gewapende stryd se welslae nie vertikaal bereken kan word nie - daar is hoogtepunte en laagtepunte. Daar is van ons jeug wat bekommerd is hieroor, maar almal verstaan dat daar probleme is.

**Hoe sien jy die rol van Afrikaners in 'n demokratiese Suid Afrika?**

Laat ek eers oor die wit gemeenskap as 'n geheel praat, en dan sal ek by die Afrikaners uitkom. Ons het altyd gestry vir 'n nie-rassige, verenigde en demokratiese Suid Afrika wat die regte en gelykheid van die individu huldig.

Vir ons gaan rassisme om die feit dat alle sosiale, politieke en ekonomiese grense volgens ras bepaal word. Ons moedig die jeug aan om in die wit gemeenskap te gaan praat oor vryheid. Die jeug moet die boodskap oordra dat 'n Suid-Afrika sonder apartheid 'n veel beter waarborg vir vryheid is. Dit moet nou geskied om aan ons almal te bewys dat dit moontlik is.

Wat die Afrikaner betref, glo ons dat hulle ons mense is. Hulle het self daardie besluit geneem, en 'n taal geskep wat net uit Afrika kon kom. Afrikaans is nie 'n Europese taal nie, dit is inheems.

Daardie taal kan nooit onderdruk word nie, dit geld ook die kultuur. Die verantwoordelikheid om die taal en kultuur te beskerm, sal ook nie net op hulle berus nie, ons is almal betrokke daarby.

'n Mens moet ook onthou dat Afrikaans nie net die taal van die Afrikaner van die Nasionale Party en die AWB is nie, ons swart gemeenskappe eis dit ook as hul eie. Die taal word ook in ons organisasies gepraat.

**Kom ons praat bietjie oor jou. Hoe het dit gebeur dat jy dié koers ingeslaan het?**

Daar is nie een sentrale gebeurtenis wat my dié koers laat inslaan het nie. Ek dink die lewenservaringe van my familie het my sienswyse geskep. Die eerste helde in enigiemand se lewe is hul ouers. Die gemeenskap waarin 'n mens grootword, motiveer jou om alles tot die beste van jou vermoë te doen. En die lot van die gemeenskap word jou eie lot, dus was ek ook 'n slagoffer van gedwonge verskuiwings toe my gemeenskap van Pietersburg na Mankweng, 28 kilometer verder, verskuif is.

Ek moes vyfuur in die oggende opstaan om skool toe te stap. My pa het altyd verduidelik waarom hy nie vir my 'n nuwe broek of skoolgeld kon gee nie - hy het altyd gesê as ek grootword sal ek die stewel van apartheid teen my sitvlak voel. Ek het baie daaroor gewonder. In Mankweng het ek op 'n baie jong ouderdom met die polisie in aanraking gekom. Ek het die vergaderings van die studente van Universiteit van die Noorde bygewoon, en saam met hulle onder die polisie se traanrook en sambokke deurgeloop. Daardie ervaringe is nog duidelik in my geheue.

In 1977 het ek by die ANC aangesluit. Ek was deurentyd betrokke by kulturele organisasies, en het gedigte en dramas begin skryf. My temas was altyd polities-gemotiveer. In 1980 moes ek ondergronds gaan omdat dit vir my onmoontlik was om in die land te werk. Ek is in 1982 in hegtenis geneem, aangekla weens lidmaatskap van MK en vir die onwettige besit van vuurwapens. Ek is tot ses jaar gevangenisstraf gevonnis. Ek het 18 maande van my straf uitgedien en is weens 'n tegniese punt vrygelaat. Ek is onmiddelik weer in hegtenis geneem en eers weer in 1985 vrygelaat.

**Die jeug identifiseer baie sterk met jou as individu. Waaraan skryf jy dit toe?**

Ek dink dit is omdat ek nooit tou opgooi nie. Na elke aanslag op my lewe, of gevangenisstraf, kom ek terug en spring weer dadelik aan die werk. Die jeug word bemoedig daardeur. Die aanslae op my lewe het ek nooit openbaar gemaak nie. Ek aanvaar dit as deel van my lewenswyse.

**Dink jy die aanslae sal nou ophou?**

Ek glo nie. En ek is ook nie die enigste jeugdige wat dié bedreiging moet deurleef nie. Daar is baie jeugdiges wat in my naam aangeval word, en ook as gevolg van hul eie meedoënlose stryd vir vrede. Die regses is steeds vasbeslote om ons uit die weg te ruim, en om nou te ontspan sal selfmoord beteken. Ons moet onthou dat Anton Lubowski vermoor is ná die vredesonderhandelinge afgesluit is.

**Baie het jou al met 'n jong Nelson Mandela vergelyk. Hoe voel jy daaroor?**

Kameraad Mandela is my held. Hy dien as inspirasie vir my. As ek in so 'n mate ontwikkel het dat mense my nou met hom vergelyk, beskou ek dit as 'n eer. Toe ek hom die eerste keer in Victor Verster ontmoet het, het hy my nie teleurgestel nie - hy was in sekere sake meer militant as ek!

Om iemand te ontmoet wat na soveel jare in die tronk nog so verantwoordelik en getrou is, is werklik inspirerend. En dis waarom ek Pietersburg toe is, ondanks die gevare.

**Waaraan skryf jy die sterk band tussen Winnie Mandela en die jeug toe?**

Die minste wat ons vir Mandela kon doen terwyl hy in die tronk was, was om sy familie te versorg op die manier wat hy dit sou doen. Verder het ons groot respek vir die manier waarop Winnie self die ANC-vlag gedra het toe die organisasie nog onwettig was. Haar lewe is ryk aan oorwinnings vir ons mense.

**Het jy 'n boodskap vir die wit jeug?**

Sê vir hulle dat ons nou lank genoeg aan teenoorgestelde kante baklei het, nou moet daar net een wenner wees - ons land. Ons smag na meer kontak, en ons moet ons vrese en aspirasies saam as jeugdiges aanspreek.

# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

**Ons werk om nou 'n verskil te maak.**



# Politici én generaals kan die doodstraf kry

**Vrye Weekblad het met Jan H van Rooyen, hoogleraar in Straf- en Prosesreg aan die Universiteit van Suid-Afrika en medevoorsitter van die Pretoriase tak van die Vereniging vir die Afskaffing van die Doodstraf, oor sekere regsimplikasies van sogenoemde moordbendes gesels.**

**Mag ons oor dié onderwerp gesels? Is dit nie sub judice nie?**
'n Teoretiese onderwerp of regsbeginsels as sodanig is nooit sub judice nie; slegs 'n spesifieke feitlike saak kan sub judice wees.

Mits ons nie oor die regsimplikasies van bepaalde feite praat nie, kan ons maar gesels.

Ons weet in elk geval nie veel oor wat feite en wat fiksie is nie! Ons gesels dan maar oor hipotetiese omstandighede.

**'n gesagsvoerder van 'n organisasie van strafregtelike implikasies gevrywaar indien hy aanvoer dat hy nie self nie enige "elimineringsbevel" gegee het nie?**

Nee. Die vraag is nie slegs of 'n gesagspersoon 'n direkte bevel om te moor gegee het nie. Volgens ons strafreg kan aanspreeklikheid vir moord op 'n veel wyer grondslag rus.

Indien 'n gesagspersoon geweet of bewus geword het van wederregtelike doodslag (of selfs slegs van die moontlikheid van sodanige bedrywighede) deur 'n groep binne sy organisasie, het daar 'n regsplig op hom gerus om dit stop te sit.

Indien hy dit weens sy gesagsposisie sou kon stopsit, maar dit nie gedoen het nie, het hy regtens die dood van die slagoffers mede-"veroorsaak".

**Beteken dit dat hy dan skuldig is aan moord?**
Nie noodwendig nie. Daar is verdere vereistes waaraan voldoen moet word voordat die misdaad as moord bewys kan word. 'n Verweer mag byvoorbeeld wees dat die optredes geregverdig was, soos in noodweer of selfverdediging. Indien daar nie so 'n geldige verweer is nie, moet nog verder ondersoek word of die gesagsvoerder die nodige opset om te laat vermoor, gehad het.

**Wat behels 'opset'?**
Opset is 'n tegniese term. Dit beteken nie slegs dat hy die dood van die slagoffers moes gewil het of dit direk moes beoog het nie.

Opset sal bewys wees selfs indien hy slegs die moontlikheid dat persone wederregtelik gedood kan word, voorsien het, en homself met dié gedagte versoen het, byvoorbeeld deur niks daaromtrent te doen nie of alles te ignoreer.

**Skuldigbevinding aan moord is dus wel moontlik?**
O ja, definitief!

**Indien so 'n gesagsvoerder of meerdere gesagsvoerders inderdaad aan moord skuldig bevind sou word weens die werksaamhede van moordbendes binne hul organisasie, sou die doodstraf opgelê kon word?**
Ja, baie beslis - indien die doodstraf nog in Suid Afrika geld.

**Ons het mos nou 'n moratorium op teregstellings?**
Ja. Dit beteken bloot dat doodstrawwe wat opgelê word, vir 'n tyd lank nie uitgevoer gaan word nie. Teregstellings kan na afloop van die moratorium weer plaasvind.

**Sou dit nie 'n goeie ding wees indien die doodstraf veral in dié tyd van hervorming in Suid-Afrika heeltemal afgeskaf word nie?**
Ek meen dat dit nie alleen 'n goeie ding sou wees nie, maar ook 'n wyse ding. Ons moet vorentoe werk vir versoening. Die doodstraf beduiwel dit; dit lei tot meer spanning, haat en vergelding. Ek meen dat die Nuwe Suid-Afrika sonder dié strafvorm binnegegaan behoort te word en permanent daarsonder behoort te bly.

**Hoe voel ander groepe, soos die ANC, hieroor?**
Soos ek verstaan, is die ANC ten gunste van die afskaffing van die doodstraf. Hulle sal in 'n post-apartheid Suid-Afrika graag wil werk vir versoening, en is vir dié doel bereid om, selfs indien daar Nuremberg-tipe verhore gaan wees (en ons moet aanvaar dat daar wel sodanige verhore gaan wees), sonder die doodstraf klaar te kom.

**Om op te som, beteken dit dat die relevante strafregtelike vrae oor die sogenoemde 'moordbendes' is wie het wat geweet, en wanneer het hy dit geweet?**
Ja. Van die hoogste gesagspersoon af ondertoe, insluitend dié wat alreeds afgetree het.


KENNIS MAAK MAG

VERKENNINGSKURSUSSE IN 'N NUWE SA

SPPS BIED U (OF U MAATSKAPPY) 'N UNIEKE GELEENTHEID OM U EIE ERVARING EN BEGRIP VAN DIT WAT NOU WERKLIK IN DIE DINAMIEK IN SA AAN DIE GANG IS, TE VESTIG OF VERBREED.

ONS INTENSIEWE, GELEIDE, 5 DAG "OP DIE GROND"-KURSUS SAL U NIE NET BLOOTSTEL AAN 'N WYE SPEKTRUM OPINIES EN WOORDVOERDERS VAN VER-REGS TOT VER-LINKS NIE, U BELEEF DIE GEMEENSKAPPE SELF EN KAN DUS OOK U EIE OPINIES VORM EN KONTAKTE VIR EIE OF MAATSKAPPY-DOELEINDES OPBOU.

*KOSTES BELOOP NET R2 500 (AVB UITGESLUIT) EN SLUIT IN: HOTELVERBLYF, REISKOSTE, ALLE ETES ENS. SPESIALE REëLINGS KAN OOK GETREF WORD.*

ELKE KURSUSGROEP IS TOT 7 MENSE BEPERK.

SEMINARE, WERKSWINKELS EN KURSUSSE VIR MAATSKAPPYE WORD OOK AANGEBIED.

SPECIALISED POLITICAL AND PROFESSIONAL SERVICES (012) 343-1766 OR (012) 43-7834. NA URE (012) 333-0610.

POSBUS 40903, ARCADIA 0007



VERGADERING VIR DIE VRYLATING VAN GEWETENSBESWAARDES

DATUM:5 Maart

TYD: 8nm

PLEK: Stadsaal

SPREKERS

Gewetensbeswaardes

Eerw. Doug Torr, Saul Batzofin, Gary Rathbone, Brendan Morgan

ECC-voorstitter

MDM-spreker

boeke blad

Onder redaksie van KOOS PRINSLOO

# Op weg na Judith Krantz?

**ANTJIE KROG bespreek Maretha Maartens se jeugboek, "Is Gideon dan 'n swartskaap?", wat 'n Groot Trek-wedstryd gewen het**

HOE mense ook al protesteer oor Maretha Maartens, ek bly haar dankbaar omdat sy kinders aan die lees hou. 'n Mens kan letterlik toe oë 'n boek van haar vir 'n kind gee en hy sal daarvan hou.

Vir dié week se resensies lees ek spesiaal "Is Gideon dan 'n swartskaap?" (R10,95) wat die eerste prys gewen het in Daan Retief se Jeugletkuurkompetisie oor die Groot Trek.

Nou wat sê 'n mens? Stereotipes dui op 'n resep en haar resep is glashelder: 'n Spesifieke milieu word geneem en volgens verwagting ingekleur. 'n Sensitiewe, bedroefde hoofkarakter word hierin geplaas. Gideon is 'n Voortrekkerseun en hy belewe die ganse Groot Trek - nêrens is daar plek vir 'n eiesoortige verdieping wat 'n mens so pragtig in bv "Die Tweeling trek saam" van MER kry nie.

Die figure rondom die hoofkarakter word so eendimensioneel geteken dat die blote verhaalontknoping talle kontradiksies meebring. 'n Kind huil hartstogtelik oor 'n vrou waarvan die leser niks meer weet as dat sy die kind ongenadiglik met 'n sambok geslaan het nie.

Die broers is so ongedefinieer dat dit geen verskil maak wie met Kruppel-Katryn (!) trou nie. Hoewel die hoofkarakter vuil is, stink, soos 'n vark eet, nie juis goed kan lees of skryf nie, nie kan verstaan of onthou wat uit die Bybel gelees word nie, is hy in staat om die sensitiewe dinge uitstekend te formuleer.

'n Vergelyking met "Danda" van Chris Barnard: baie min dialoog kom voor in die boek, veral nie deur Danda nie. Danda dink en maal en wonder, maar hy kan niks eintlik nog onder woorde bring nie. Daarom verstaan sy omstaanders hom nie. Gideon praat so maklik en helder dat dit vreemd is dat niemand hom as 'n uiters besondere geniale kind beskou nie.

Die karakters in die Dandaverhaal is veelfasettig, kompleks en dit verwar Danda - hy is besig om van 'n enkelvoudige kinderlewe oor te beweeg na 'n komplekse verwarrende volwasse lewe.

Die figure rondom Gideon is eendimensioneel; die Raadsplan is al waarmee hy nog moeilikheid het. As hy Lielies bly verloor vra hy: is ek dan God se swartskaap?

So 'n vraag raak laf: hoekom sal 'n kind wie se ouers dood is, wie se broers hom nie wil hê nie, wie se skoonsuster hom slaan en vloek, wie se familie uitgemoor is by Bloukrans, wat die horror onthou van Bloedrivier met sy nimmereindigende dood en verwoesting, asook Piet Retief se lyke, nou eers wonder of is hy God se swartskaap?

Gideon is nie, sê die skryfster. Lielies word uitgeteer van Delagoabaai na hom teruggebring - albei hunkerend na die kans dat hulle weer saam sal kan "lag".

Haai ek weet nie. 'n Boek soos Danda of die jeugboeke van PJ Schoeman bring 'n kind uiteindelik by letterkunde uit omdat dit die lewe tussen obvious dinge vasvang. Dit voel asof hierdie soort boek die jong leser kan uitbring by sê Judith Kranz wat die lewe reduseer tot stereotipe kodes.

## Nuwe kinderboeke

"Die Wilde Swerm" (Felicity Keats, Tafelberg, R11,95) voer lesers interessante besonderhede met behulp van 'n oulike jeugverhaal.

Southern Books versprei "The Sun, the Wind and the Rain" (R34,99; hemel wat 'n prys) wat beskryf hoe berge gevorm word. In 'n groterige raampie bou 'n dogtertjie op die strand haar eie berg wat dieselfde prosesse deurgaan as die evolusionêre berg. Die teks is evokatief en die illustrasies (Ted Rand) 'n mooi korrelrige grein wat die dubbelprente bind.

Nog nuwe titels: "'n Stuk of Tien" (Yeoman/Blake; Tafelberg; prys onvermeld); "Lank Lewe Leeuhart" (Grobbelaar/ Grimsdell, R13,95); "Die Bul" (Koller/Eloff; Daan Retief, R13,95); "Die Wegkruip ABC" (Le Grange, Van Schaik, R13,95); "Ek is Ek" (Lobe/Weigel, Daan Retief, R9,95).

"Postman Pat's Sore Throat" (Cuncliffe/Hickson, beskikbaar by Southern Books, R15,99); "When the TV broke" (Ziefert/ Smith, Puffin boek, prys onvermeld); "The Three Bears and 15 other stories" (Rockwell, Puffin boek, prys onvermeld); "Tigers Forever" (Ruskin Bond, Daan Retief, R8,95); "Who ever heard of a vegetarian Fox" (Rosalind Kerven, Daan Retief, R8,95); "Hurry, hurry Sibusiso" (Jenny Seed, Daan Retief, R8,95); "Out of the Twilight" (Phyllis Owen, Daan Retief, R8,95); "Come a Stranger" (R11,99); "Sons from afar" (R11, 99); Tree by Leaf (R19,99) almal deur Cynthia Voigt.

# Verbod op Mandela-boek ná 25 jaar opgehef


**DIE verbod op die klassieke Mandela-boek, "No Easy Walk To Freedom", is flink ná die ANC-leier se vrylating op 11 Februarie deur die Direktoraat op Publikasies opgehef.**

**Die rede vir hul besluit: "In his speech (on Grand Parade) Mr Mandela said nothing less than that which appears in this book. The book cannot have a greater impact than Mr Mandela's speech. The book is therefore passed. It has a strong historical element which will not make people more inclined to violence."**

**"No Easy Walk To Freedom" is die eerste keer in 1965 deur Heineman-uitgewers gepubliseer en verbied. ('n Heruitgawe in die African Writers-reeks is ook dadelik in 1973 verbied.) Die boek bestaan uit artikels, toesprake en briewe wat Mandela van 1953 tot 1963 geskryf het en gesirkuleer is terwyl hy ondergronds was, transkripsies van die drie hoogverraadsake en ook die beroemde Rivonia-toespraak. Die stof is oorspronklik deur wyle Ruth First, Joe Slovo se vrou wat in Maputo met 'n briefbom vermoor is, geredigeer.**

**Die nuwe uitgawe - in groen, geel en swart en met 'n onlangse foto op die omslag - het 'n voorwoord waarin dele van Mandela se toesprake sedert sy vrylating vanjaar aangehaal word.**

**- KP**



Kingspark, Durban

*Foto: Guy Tillim, Afrapix*

# Pryslied

*Na die Mandela-saamtrek by Kingspark, Durban, 25.2.90*

**Busse vol gebalde vuiste**
**geelgroen-en-swart.**
**"We Welcome Comrade Mandela"-T-hempies**
**kom van die uithoeke van Natal.**
**Uit die uithoeke van stamgevegte**
**kom die reusgeworde kollektiewe kind**
**en sit sokkervelde vol**
**met hulle lyfies**
**wat hulle gebring het**
**uit die baldadige**
**berge en dale van 'n Duisend Heuwels.**
**Met kougom-oë**
**kom hulle**
**om te luister na die grys wysheid**
**van 'n eiland.**
**Die eiland daal**
**neer met 'n helikopter**
**en die verwelkomingskomitee**
**staan in die wolke van 'n stellasie.**
**In die wolke van al hulle wense**
**verskyn 'n man**
**'n grys man,**
**'n vader**
**van skares.**
**Sal die vader**
**hierdie kinders aan die niet van geloof uitlewer,**
**aan die niet van die spies van die nasie**
**aan die tug van kameraderie**
**aan borstrokke, bra's en burokrate?**
**Ons vra**
**dat speelsheid seëvier**
**met groot wit golwende, laggende tande**
**oor 'n eiland.**

*- Johan van Wyk*


# This month's bestseller list from Exclusive Books.

## Fiction.

1. **Foucault's Pendulum/Umberto Eco** (Secker & Warburg R50,95). Post modern tour de force by the author of The Name of the Rose.
2. **Love in the Time of Cholera/Gabriel Garcia Marquez** (Penguin R24,99). Caribbean love story — powerful, poetic and comic.
3. **The Power of One/Bryce Courtenay** (Mandarin R19,99). Spellbinding S.A. story of compassion and faith, filled with unique characters and much pathos.
4. **One: A Novel/Richard Bach** (Pan Books R25,99). A loving fantasy by the author of Jonathan Livingstone Seagull.
5. **How to Save Your Own Life/Erica Jong** (Grafton R19,49). Recently unbanned titillation by author known for her search of the ultimate erotic encounter.
6. **Bonfire of the Vanities/Tom Wolfe** (Pan Books R29,99). New York in the midst of Reaganomics and decay.
7. **Remains of the Day/Kazuo Ishiguro** (Faber & Faber R24,95). 1989 Booker Prize winner's wholly convincing portrait of English life, told with delicacy and humour.
8. **Daddy/Danielle Steel** (Bantam Press R49,99). Popular novelist probes the lives of three men across three generations.
9. **The Eight/Katherine Neville** (Headline R19,99). Richly complex and atmospheric novel full of puzzles, conflict and romance.
10. **The Swimming Pool Library/Allan Hollinghurst** (Penguin R24,99). Landmark novel of lingering power set in gay London prior to the Aids age.

## Non-Fiction.

1. **Fit for Life/Harvey and Marilyn Diamond** (Pathway R19,99). The weight-loss plan that proves it's not what you eat, but when and how.
2. **A Brief History of Time/Stephen Hawking** (Bantam Press R44,99). Physics phenomena from big bangs to black holes — creational forces made readable.
3. **The Complete Book of S.A. Birds /W.G. Mcilleron & P.G. Ginn** (Struik Winchester R195,00). Most comprehensive work of ornithology on S.A. region ever published.
4. **The Road Less Travelled/M. Scott Peck** (Rider R25,45). "A new psychology of love, traditional values and spiritual growth."
5. **John Platter's S.A. Wine Guide 1990/J. & E. Platter** (R18,99). What to buy and how to drink it when.
6. **Resistance Art in South Africa/Sue Williamson** (David Philip R50,45). Comprehensive survey of culture, sculpture, art and ceramics of the resistance.
7. **The Holistic Smuts/Piet Beukes** (Human & Rousseau R45,05). Accessible work on the thought and personality of Jan Smuts.
8. **The Lore of Cycling/Tim Noakes** (O.U.P. R49,95). Equipment, technique, fitness, racing — all you need on pedal power.
9. **Italy — The Beautiful Cookbook/L. de Medici** (Merehurst Press R95,00). Lavish, comprehensive survey of regional Italian cuisine.
10. **Reader's Digest Reverse Dictionary** (Reader's Digest R68,99). How to find precision of use for elusive, awkward and technical words.

(All prices subject to change)

ACTIVE 002124

# Sou George Washington dié oorwinning gevier het?

John Carlin

IN Washington het die sjampanjeproppe dié week geskiet ter viering van wat pres George Bush "nog 'n oorwinning vir die demokrasie" genoem het, dié keer in Nicaragua. Ja, die uitslag in die verkiesing in Nicaragua was 'n oorwinning vir die demokrasie. Die mense het gestem en die meerderheid het gewen. Dit was ook 'n oorwinning vir die Amerikaanse groot stok.

Want demokrasie in Sentraal-Amerika beteken presies wat die Amerikaners wil hê dit moet beteken. Het Daniel Ortega gewen en nie Dona Voileta Chamorro nie, sou die oorwinning dalk aanvaar word. Maar demokrasie sou nie geseëvier het nie, hoe vry en regverdig die verkiesings ook al. Washington se definisie van demokrasie in Sentraal-Amerika word bepaal deur of die regering aan bewind vriendelik, en verkieslik heeltemal afhanklik is van Amerika.

Daarom, en die Withuis word nooit moeg om ons daaraan te herinner nie, is El Salvador 'n demokrasie. Dit maak nie saak dat die barbaarse party aan bewind, Arena, vir maj Roberto D'Aubuisson, die moordbendebaas wat volgens Amerikaanse amptenare vir aartsbiskop Oscar Romero in 1980 tydens nagmaal in 'n kerk in San Salvador doodgeskiet het, as sy geestelike en de facto leier het nie. Almal weet dat die werklike mag in El Salvador, verkiesings of nie, in die hande van die weermag is - 'n weermag wat in die laaste dekade meer as 30 000 van sy burgers om die lewe gebring het, insluitende die sewe Jesuïtiese priesters verlede November. Maar vergeet daarvan. El Salvador is kapitalisties en lojaal teenoor Washington tot op 'n punt van algehele gedienstigheid. El Salvador ontvang 1,5 miljoen dollar per dag in die vorm van Amerikaanse steun.

Baie dieselfde kan van Guatemala gesê word. Die weermag is selfs meer barbaars as die een langsaan, en net so sterk. Die burgerlike president daar is die eerste een om te erken dat die weermag aan beheer is. Maar in Washington sal jy hoor dat die demokrasie in Guatemala heel goed vaar.

In Panama ook. In Mei 1984 was daar 'n verkiesing en deur sigbare bedrog het 'n burgerlike genaamd Nicolas Ardito Barletta net-net ingekom deur die tagtigjarige Amerikaanse nasionalis, Arnulfo Arias, te verslaan. Barletta was genl Manuel Noriega se man, wat op sy beurt, vir al sy dwelmsmokkelary en -transaksies, deur die CIA gesoek is. Die Amerikaners het nou nie juis op en af gespring en 'n nederlaag vir die demokrasie aangekondig nie, maar die uitslag aanvaar, hoewel hulle geweet het dat Noriega in beheer was. 'n Jaar later, toe Noriega vir Barletta vervang het met die vise-president, Erick del Valle, het hulle dit ook aanvaar. Want Noriega was in dié tyd nog 'n eerbare man.

Die eerste verkiesings in Nicaragua ná die Sandinistas die mag in 1979 oorgeneem het, was ook in 1984. Die Sandinistas het met meer as 60 persent van die stemme gewen en die meeste internasionale toesighouers het gesê die verkiesing was regverdig. Almal behalwe, natuurlik, die Amerikaners. Die oorwinning van die Sandinistas was so ver van 'n oorwinning vir die demokrasie dat pres Reagan dit nodig geag het om hulp aan die Contra-revolusionêre magte te verleen.

## Wapenverbod

Die Sandinistas het populêre legitimiteit benodig - daardie legitimiteit wat slegs deur lojaliteit aan Washington verseker kan word - en moes daarom omvergewerp word. As deel van die pakket is 'n handelsverbod op Nicaragua geplaas, of eerder, die handelsverbod van vroeër die jaar is nie opgehef nie. Washington het met 'n kruistog begin sodat al die goeie mense in Nicaragua, in wie se naam Reagan so edel opgetree het, die demokrasie waarna hulle so smag, kon kry.

Nie dat Reagan probeer het om voor te gee dat sy motiewe heeltemal altruïsties is nie. Dit sou nie deur die Kongres aanvaar word nie, en dit is waar die steun aan die Contras goedgekeur moes word. 'n Amerikaanse belang moes betrokke wees. Reagan het verduidelik wat dié belang was - in 'n toespraak wat landwyd en lewend in die hele Amerika gebeeldsaai is. Agter hom was 'n groot kaart van Sentraal-Amerika en die suidelike deel van die Verenigde State. Die probleem - heeltemal verskillend van die demokrasie-kwessie - was dat daar planne vir Russiese ekspansionisme op Nicaraguaanse grondgebied was. Terwyl hy gepraat het, het groot rooi pyle uit Nicaragua gespruit. Die kommunistiese kanker sal die hele sentraal-Amerika en Mexiko binnedring - die dominos sal tuimel - en, binnekort, sou die Russiese tenks suid van die Rio Grande gereed wees om die bastion van die Westerse demokrasie te vernietig.

Die Contras was nou "vryheidsvegters" met 'n "heilige sending". Dit was meer as demokrasie in Nicaragua wat op die spel was. Dit was die toekoms van die Westerse wêreld. Hoe kon enigiemand met Reagan verskil toe hy die Contras beskryf het as die "moral equivalent of our Founding Fathers", hulle vergelyk het met die Franse Weerstand in die Tweede Wêreldoorlog en die Contras se leiers met Winston Churchill?

Heeltemal oortuig het die Kongres ten gunste van steun aan die Contras gestem. Aangehelp deur die geld wat Oliver North uit die Iranese gewoeker het, het die Contra-leiers die goeie lewe in Miami geniet, 'n bietjie met dwelmhandel deurmekaar geraak, beroemd geraak op die TV-skerm - terwyl hul vegters ver weg besig was om gesondheidswerkers en onderwysers se voertuie op te blaas, huise af te brand, vroue te vermoor en, terwyl die land se skaars bronne na die weermag gekanaliseer is, heeltemal misluk het om aan Washington se verwagtings op die slagveld te voldoen.

Hulle het nooit naby aan 'n oorwinning gekom nie. Hulle kon nie eens een dorpie inneem nie, ondanks die militêre steun van Amerika en die onberispelike uniforms wat hulle gedra het. Maar om dinge so te hou moes die Sandinistas die helfte van die land se begroting aan die oorlog bestee, die land se jongmense slagveld toe stuur, hulle beste mense moes militêre strategieë uitwerk. En dit in 'n land wat, toe die Sandinistas in 1979 oorgeneem het, reeds deur die diktator wat hulle omvergewerp het, Anastasio Somoza, en die revolusionêre oorlog geplunder is.

En, soos Amerikaanse amptenare ook beklemtoon het, die eerste vier jaar van Sandinistas-regering het dramatiese verbeterings op die gebied van opvoeding en gesondheid gebring. Dit was grootliks die rede waarom die Sandinistas, ondanks Washington se grootse pogings, die verkiesing in 1984 gewen het.

Die agteruitgang sedert die oorwinning is die rede waarom hulle die verkiesing Sondag verloor het. Nicaragua het nie vir demokrasie gestem nie - daar was genoeg daarvan. Hulle het gestem vir kos.

## Slagspreukery

Om die skuld daarvoor te plaas op die feit dat Nicaragua in 1988 'n inflasiekoers van 26 000 persent gehad het en op wat die Sandinistas "imperialistiese aggressie" genoem het, is te eenvoudig en kom neer op slagspreukery.

Daar was amptelike korrupsie. Maar nie erger as in enige ander Latyns-Amerikaanse staat nie, en baie minder as in Mexiko, wat deur al sy elektorale bedrog nog nooit Washington se gramskap op die hals gehaal het nie.

Daar was ook wanbestuur van die ekonomie in Nicaragua. Maar, weer eens, nie erger as in Argentinië nie. Die Sandinistas was nie ekonome nie en hulle het 'n reeds benarde situasie meer benard gemaak.

Wat, dan, het die Sandinistas aan Nicaragua in hul tien jaar aan bewind gegee?

Hulle het, en dié punt kan nie genoeg beklemtoon word nie, prioriteit aan opvoeding en gesondheid gegee. Iets wat die arm mense in dié land nooit geken het nie.

Hulle het klem geplaas op boeke, kuns en musiek.

Hulle het genoeg vir die mense gedoen sodat die doelstellings van die Contras, én Washington, nie naastenby bereik kon word nie. Hulle het genoeg gedoen om 42 persent van die stemme in Sondag se verkiesing te trek. Waar in die wêreld sal 'n party in 'n land wat in so 'n ekonomiese verknorsing verkeer soveel stemme trek?

Wat hulle aan Nicaragua gegee het, of ten minste gepoog het om te gee, was 'n gevoel van nasionale trots na 'n halfeeu van piesangheerskappy onder Somoza. Hulle het aan 'n voorheen miskende drie miljoen mense 'n plek op die wêreldkaart gegee, indien nie in die son nie.

## Levi-jeans

Die Amerikaners het dié son gesteel. Hulle het dit kristalhelder uitgespel - met 'n geweer teen die mense se koppe - stem vir die Sandinistas in Sondag se verkiesing en die gevegte en armoede duur voor. Dona Violeta se boodskap - hoewel sy dit nie so openlik gesê het nie: Stem vir my en dan is dit Levi-jeans en Macdonald's-hamburgers vir almal.

Dit was die Sandinistas se probleem. Nasionale trots is goed en wel, maar dit bevredig nie as jy gekonfronteer word met die alledaagse stryd om jou familie te klee en te versorg nie.

Die Sandinistas se sonde was 'n sonde van trots, maar die geskiedenis sal oordeel. Hulle het gepoog om die gode in Washington op gelyke voet aan te vat. Maar die vernietiging van die land se ekonomie was Washington se troefkaart. Gewone sterflinge uit Sentraal-Amerika kon nie volhou nie. Dis jammer, dis 'n tragedie. Tienduisende burgers is dood in die Contra-oorlog. Tienduisende meer is wees gelaat. As die Sandinistas die verkiesing gewen het, sou dit 'n verskriklike vingerwysing na Amerika se vryheidstryd gewees het. Maar die Sandinistas het verloor, en dit is ook 'n verskriklike vingerwysing. Hulle het in 1984 gewen, en ses jaar later verloor. Was al die dood en verwoesting in dié tydperk nodig?

Dit was nodig om een rede. Om te verseker dat die Sandinistas mag verloor. Om 'n oorwinning vir die demokrasie te verseker. Maar is dit 'n demokrasie waarop die Vaders van die demokrasie trots sou wees? Sou George Washington die oorwinning met sjampanje gevier het?



Violeta Chamorro omhels haar verkiesingsmaat Virgilio Godoy pas ná die verkiesingsuitslae in Sondag se verkiesing in Nicaragua

(Foto: AP)

## Chronologie van die gebeure in Nicaragua

PARYS - Violeta Chamorro, kandidaat vir die 13-party Amerikaans-gesteunde Nasionale Opposisie-unie, se oorwinning Sondag in die verkiesings in Nicaragua het meer as tien jaar se heerskappy deur die Sandinistas, onder leiding van Daniel Ortega, beëindig.

**1979** - 17 Julie: Die diktatorskap van genl Anastasio Somoza word na 'n guerrillastryd deur die Sandinistas omvergewerp.
- 19 Julie: Die aankoms in Managua van die vyf lede van die Junta van Nasionale Rekonstruksie - insluitende Daniel Ortega én Violeta Chamorro. 'n Veelparty-regering kom tot stand.

**1980** - 19 April: Chamorro en nog 'n lid van die Junta, Alfonso Robelo, beskuldig die Junta dat hulle die staatsapparaat oorgeneem het, en bedank.
- 17 September: Somoza word in Paraguay, waar hy in ballingskap woon, deur 'n sluipskutter doodgeskiet.

**1981** - 4 Maart: Gematigdes word uit die Junta geskors. Ortega word "koördineerder" van die Junta en die regering.
- 1 April: Die Amerikaanse regering skort ekonomiese hulp aan Nicaragua op, en beweer dat hulle guerrillas in El Salvador help. Ronald Reagan kondig aan dat sy regering militêre hulp aan die Contra-rebelle in ballingskap in El Salvador gaan verleen.
- In Julie kondig Managua landbouhervormings aan. In September begin die Amerikaanse ekonomiese druk sy doel bereik met die aankondigings van sy sosiale en ekonomiese noodmaatreëls.

**1982** - 15 Maart: die uitroep van 'n noodtoestand om "die risiko van aggressie te verminder".

**1984** - April: Die Sentrale Intelligensie-agentskap (CIA) staak mynbedrywighede in Nicaragua se hawens ná internasionale druk.
- 4 November: Die Sandinistas en Ortega wen die algemene verkiesing.

**1985** - 18 Januarie: Washington stel samesprekings met Managua af.
1 Mei: Amerika vra vir 'n algehele handelsverbod na beweerde aggressie deur Managua in Sentraal-Amerika.

**1986** - 13 Augustus: Die Amerikaanse senaat stem vir 100 miljoen dollar aan die Contras.

**- Laat 1986 en vroeg 1987:** Gewelddadige invalle deur die Contras wat in die Honduras gestasioneer is.

**1987** - 7 Augustus: Die ondertekeninge van 'n vredesplan deur vyf sentraal-Amerikaanse staatshoofde. Die plan stel 'n einde aan die gewapende stryd, samesprekings en die beëindiging van hulp aan die Contras, voor.

**1988** - 15 - 17 Januarie: 'n Plaaslike spitsberaad stel weer die vredesplan in.
- 23 Maart: Managua en die Contras stem ooreen op 'n skietstaking wat op 1 April in werking tree. Die skietstaking word telkens heringestel ondanks sporadiese gevegte.

**1989** - 14 Februarie: By 'n sentraal-Amerikaanse spitsberaad in San Salvador kondig Ortega stappe tot demokratisering aan, insluitende 'n verkiesing op 25 Februarie 1990. Deelnemers stem saam oor die ontbinding van die Contra-basisse in Nicaragua se buurstate. - AFP

# Saam sal ons, die mense, in een stem sing


Alex Jay

DONDERDAG 22 Februarie is 'n warm dag in Johannesburg. Dit is selfs warmer in Orlando-Wes.

By 'n gewone township-huis, swart, groen en geel geverf, is daar geen flambojante veiligheidsteenwoordigheid- of maatreëls nie, net 'n klein groepie fotograwe en ondersteuners. Die atmosfeer is vrolik, positief, maar met 'n ondertoon van, nie spanning nie, maar eerder gereedheid. Ek, van alle mense, is ingesluit in 'n afvaardiging van die South African Musicians Alliance (Sama) om die wêreld se bekendste pasvrygelate gevangene, Nelson Mandela, te ontmoet.

Jabu Ngwenya van Sama wys ons die pad deur die hek na 'n klein tuintjie waar twee groot en onberispelik geklede mans vra dat ons 'n rukkie sit, want "Oom Nelson is bietjie agter sy skedule weens 'n onderhoud". Dit het my 'n rukkie geneem om agter te kom dat dié twee mans Zwelakhe Sisulu en Murphy Marobe is.

Hoe op aarde het ek hier gekom? Wat het ek gedoen om dié eer te hê om Suid-Afrika se grootste lewende legende te ontmoet?

Party mense sou sê: Nie genoeg nie. Ander sou sê: Reeds te veel! So is die lewe maar in die politieke wêreld.

My betrokkenheid by Sama is algemeen bekend. Toe Jabu Ngwenya my Woensdagaand skakel, het ek gedink hy wou my herinner aan die volgende vergadering wat sou handel oor die komende Sama en NRC se anti-sensuurkonsert. "Goeie nuus... ons het 'n vergadering met die Ou Man... Kan jy teen 9:30 vm by die kantoor wees, dan kan ons saam ry?"

Die formaliteit om weer na dagboeke te kyk, is nie eens oorweeg nie. Dit sou bloot simpel wees om nee te sê vir 'n geleentheid waar 'n mens die Suid-Afrikaanse ikoon - die ware jakob - kan ontmoet.

Die Sama-afvaardiging het bestaan uit Abigail Kubeka, Ray Phiri, Sipho Mabuse, Alan Lazaar, Mango Groove, Bra N'Thembi van die African Jazz Pioneers, Thembi Mtshali, Jennifer Ferguson, Rashid Lani, Jabu en Charles van Sama en die uwe.

Die vorige nag, en op pad na sy huis toe, was ek baie senuweeagtig. Hoekom ek? Wat gaan ek sê? Waar? Wat? Wie?

Ek het gevoel ek verdien glad nie dié geleentheid nie. As Johnny Clegg maar net in die land was - hy sou sy oogtande vir dié geleentheid gee. So ook die helfte van die wêreld se joernaliste.

Hoewel ek 'n liberale ondersteuner van die vryheid en gelykheid vir almal is, kan ek nie enige aanspraak maak op die glans of pyn van 'n "stryder" nie.

Vyf jaar gelede is 'n visa na Lusaka aan my geweier.

Vandag, as 'n aankondiger op 'n radiostasie van die SAUK, kry ek die geleentheid om die geestelike leier van die sterkste teenstander van apartheid, die ANC, te ontmoet.

Wat 'n ironie! Wat 'n drama! Wat 'n land!

Ek was besig om met Ray Phiri te gesels en het met my rug na die huis gesit toe ek, en ek bedoel dit, sy teenwoordigheid aangevoel het. Dit was werklik ongelooflik.

Nelson Mandela is die verpersoonliking van charisma. Sy teenwoordigheid is byna tasbaar. Ons groep het soos skape op ons voete gekom en wit en swart, oud en jonk, rock en jazz het soos 'n klomp skoolkinders voor die onderwyser gevoel.

Mandela is lank en skraal, maar dra die gewig van 'n bejaarde staatsman. Sy statigheid is werklik, sy verstand byna hiper-aktief.

Hoewel hy die grootste gedeelte van die afgelope drie dekades in die tronk deurgebring het, is hy nie net goed ingelig oor die politieke situasie in die land nie, maar ook oor musiek, die radio, televisie en media in die moderne Suid-Afrika.

Sy hande lyk soos dié van 'n klavierspeler.

Ons was almal stralend. Jabu het almal voorgestel. Rashid kry 'n warm handdruk. Jennifer 'n vaderlike drukbeide word op hul name aangespreek.

Hy beweeg na Bra 'Nthembi van die African Jazz Pioneers en wou 'n formele handruk aan hom gee toe hy hom herken: "Liewe hemel, dit is jy Ntembi~!" roep hy.

"Jy het op my troue gespeel!" Hulle lag baie en omhels mekaar. Hy groet vir Abigail soos mens 'n ou vriend groet, groet vir Thembi soos sy jong gunsteling - en erken dat hy een van haar "fans" is en beweeg toe na Ray Phiri.

Ek is mal oor Ray Phiri! In 'n industrie waar mense se ego's groter is as planete, is Ray werklik 'n mens. Nederigheid en grasie moes sy voorname gewees het. "Uncle Nelson", soos hy gevra het ons hom moet noem, beweeg na Ray, neem sy hand en sê: "Ray, niemand hoef jou voor te stel nie. Ek is baie trots op jou en jou mede-kunstenaars."

Ray staan vasgenael, emosioneel só geraak dat hy nie vir Mandela kan kyk nie, hy kon skaars praat.

Hier was 'n man wat veel meer was as 'n simbool van die stryd. Hier was 'n ware man met ware oortuigings en ware trots in sy mense se oorwinnings.

En tog het ek só mislik gevoel omdat ek geweet het dat Hugh Masakela eerder hier moes wees as ek. Of Bright Blue, of Dollar Brand, of Miriam Makeba, of enige ander jazz-pionier van die vyftigerjare.

En tog, hier is hy en hy praat eers met Sipho "Hotstix" en toe met Alan Lazaar wat vir hom 'n kopie van die Mango Groove-langspeler gee.

Eindelik, voor ek kon "uit chicken" of flou val, staan hy voor my.

Ek stel myself voor en sê: "Dit is 'n groot voorreg om jou te ontmoet, maar ek verdien dit nie."

Hy gaan sit en ons almal gaan sit. Die tuin is sonnig en warm. Die tyd is nóú en die droom is waarheid.

Hy praat met ons oor musiek en sy liefde daarvoor.

Hy praat nostalgies oor die musiek van die vyftigerjare. Hy praat met trots oor Suid-Afrikaanse musiek. Hy praat oor Brenda en Yvonne, van Johnny en Letta. Hy onthou die King Kong-musiek. Hy onthou die pioniers. Hy vertel van sy trots op die Suid-Afrikaanse musikante wat die belangrikheid van verandering en versoening en liefde raaksien. Hy vertel van sy hoop dat die verwagte onderhandelings 'n einde sal bring aan die geweld en hartseer wat so deel van ons alledaagse lewe geword het.

Hy maak ook 'n baie duidelike beleidsverklaring. "Jy hoef nie aan enige politieke organisasie te behoort om deel te neem aan 'n veranderde Suid-Afrika nie. Jy moet eerlik en opreg wees in jou pogings om vrede en voorspoed na dié land te bring. Hoewel julle geskryf en gesing het van blydskap en hartseer, liefde en moedeloosheid, het die tyd aangebreek om met een stem te sing van die verenigde Suid-Afrika. Vertel aan alle musikante en kunstenaars van die land om met een stem te sing en sing met trots."

Ons dertig minute is verby.

Zwelakhe Sisulu kom uit en neem hom na binne vir sy volgende onderhoud. "Wel," sê Nelson, "my baas het gekom en nou moet ek gaan."

Die afskeid is kort en hartlik. Hy verseker ons dat ons weer sal ontmoet. Dit is tyd om te gaan. Die spul joernaliste buite die hek neem 'n foto. Daar is geen nodigheid vir vuiste en slagspreuke nie. Die glimlagte sê genoeg.


Ons het nie gepraat op pad terug nie. Ons het eers later besef hoe bevoorreg ons was. Dit was 'n rare geleentheid, nie net om die man te ontmoet nie, maar ook om menings te wissel. Dit was 'n waardige, dog informele ontmoeting en daar was niemand om ons te pla nie.

Vandag is ek vervul met hoop en positiewe energie. Wat ook al sy toekomstige rol binne die ANC, Nelson Mandela saam met die Staatspresident kan die bal aan die rol sit. Daardie ontwykende bron van welwillendheid kan en moet ontslae raak van die vrese en onkunde van diegene wat nie aan die transformasie van ons samelewing wil deelneem nie. "Liefde, vrede en begrip" is miskien 'n mantra uit die sestigerjare, maar was nog nooit meer relevant in ons geskiedenis as nou nie.

Dit is die wil van die mense dat Suid-Afrika vry moet wees, vry om vooruit te gaan. Saam sal ons, die mense, in een stem sing.

*(Alex Jay is 'n platejoggie by Radio 5)*

# Demokrasie die enigste waarborg vir voortbestaan


Albie Sachs

NIKS goeds spruit voort uit skuld nie. Ons het trots nodig, en trots spruit uit die ontdekking van die oorsprong van trots en nie net deur te sê jy is trots nie.

Suid-Afrika is 'n land met ontsaglike bronne. Vorige geslagte het gely, swartmense en Afrikaners in besonder.

Maar die moontlikheid vir 'n baie welvarende samelewing in Suid-Afrika bestaan. Daar is soveel in die Afrikaner se geskiedenis waarop nie net die Afrikaner nie, maar almal van ons, trots kan wees.

Ek is trots op die geskiedenis van die struggle - die Boere wat teen Britse oorheersing geveg het. Dit was 'n heroïese ding om te doen, in die wêreldgeskiedenis en in ons s'n.

Jy kan nie van menseregte in Suid-Afrika praat sonder om oor die blootstelling van die vrouens en kinders in die konsentrasiekampe te praat nie.

Ek dink die Afrikaner se geskiedenis is so ryk en vol kontradiksies dat jy vele assosiasies met demokrasie en vryheid daarin sal vind.

Dit is belangrik om te weet dat die ideaal van vryheid 'n Suid-Afrikaanse ideaal is. Dis nie iets van buite nie. Dit is iets wat vir almal belangrik sal wees en dit sal die voortbestaan van die Afrikaanse gemeenskap, taal en letterkunde waarborg.

Daarvoor is demokrasie die waarborg.

Dit mag wees dat 'n groot aantal Afrikaners aanvanklik bang sal wees. Natuurlik sal ons jare se propaganda moet teenwerk, en geen beter manier om dit te doen as deur jou optrede, jou lewenswyse en verhoudings nie.

Die Afrikaner sal ontdek dat die ANC geen bedreiging hoegenaamd inhou nie; nie vir sy taal of enigiets anders nie.

Ek dink as die Afrikaner eers besef dat daar 'n plek vir hom is, 'n eerbare plek, in die nuwe Suid-Afrika, sal hy nie gehoor gee aan die demagogies rassistiese oproepe nie."

*(Albie Sachs is verbonde aan die ANC se Regs- en Konstitusionele departement)*

# Ek wonder wat my korporaal daarvan sou sê?


Charles Leonard

DIE laaste keer wat ek by die Vrystaatse rugbystadion was, was tien jaar gelede toe ek met my diensplig in Bloemfontein besig was.

Een Saterdagoggend het die korporaal geskree: "Troepe, tree aan! Julle gaan vandag rugby kyk!"

So ver ek kan onthou het die Vrystaat die middag 'n loesing van die WP gekry.

Sondag was, soos die Engelse sê, egter "a different ball game".

Nelson Mandela het die middag 'n boodskap van vrede en hoop aan die Vrystaters gebring.

Hy het gesê Afrikaners hoef nie te vrees vir hul toekoms onder 'n ANC-regering nie en dat hulle 'n belangrike rol te speel het in 'n nie-rassige demokrasie.

Na sy toespraak het die mense opgestaan en meesleurend Nkosi Sikelel'i Afrika gesing.

Daarna het die mense begin huis toe gaan. Die joernaliste is toegelaat om na die uitgang van die veld te gaan waar 'n luierende Mercedes vir die ANC-leier gestaan en wag het.

Die volgende oomblik kom die UDF-leier Patrick Lekota na ons toe aangestap en sê ons moet hom volg - verhoog toe.

Die drie van ons, ek en twee vriende, stap ewe verdwaas agter hom aan.

By die verhoog aangekom, is daar 'n groot samedromming van mense terwyl Mandela besig is om by die trappies af te klim.

Een van die "belangrike" marshalls vra wat ons daar soek en Patrick wuif hom net opsy.

En toe gebeur - volgens my - die onmoontlike: Nelson Mandela kom reguit na my toe aangestap met 'n uitgestrekte hand.

"Ons waardeer dit dat julle respek vir die nasionale volkslied betoon," sê hy. "Ek het gesien ander joernaliste het rondbeweeg terwyl ons Nkosi Sikelel'i Afrika gesing het, maar julle het met die nodige eerbied saamgesing."

Vir 'n volle twee minute vertel hy hoe welkom ons as blankes in 'n nuwe Suid-Afrika is, dat ons baie welkom is by saamtrekke soos dié en dat die ANC ons vrese deeglik in ag neem. 'Ons moenie bang wees vir 'n nuwe Suid-Afrika nie, sê hy.

Daarna het hy my twee vriende se hande geskud en ons voorgestel aan sy vrou, Winnie, en aan Walter en Albertina Sisulu.

Ek kon nie 'n woord uitkry nie.

Ek wonder wat my korporaal daarvan sou sê.

VRYE Weekblad

## Die Malan-debakel

Soveel van 'n klugspul het die Suid-Afrikaanse parlement nog nie gesien nie.

Die Suid-Afrikaanse Polisie - nie die koerante of politieke opponente van die regering nie - het eerste beweer dat daar 'n eenheid van die Weermag is wie se lede die moorde op onder andere Anton Lubowski en David Webster gepleeg het.

Verdagtes is in hegtenis geneem en lasbriewe vir ander se inhegtenisname is uitgereik.

Daar was ook wye lekkasies uit amptelike bronne wat heelwat besonderhede oor die eenheid met die verskriklike ironiese naam van die Burgerlike Samewerkingsburo verskaf het.

Die aangewese ding wat toe moes gebeur, is dat die verantwoordelike minister, die minister van Verdediging, aan die Parlement moes verduidelik wat aangaan. Is dit so dat die Weermag polisiemanne gehuur het om mense wat niks met geweld te make het nie, maar bloot net aktief was in hul teenstand teen apartheid, koelbloedig te vermoor?

So gebeur dit toe ook dat die betrokke minister, Magnus Malan, in die parlement gevra word om te verduidelik.

Behalwe mooi woorde oor hoe sterk hy die staatspresident steun en hoe lojaal hy en die Weermag is, werp Malan toe nie veel lig op die saak nie.

Wat hy wel gedoen het, is om 'n dooie man te beswadder.

Die "inligting" dat Anton Lubowski vir Militêre Inligting gewerk het, was niks meer as 'n oneerlike dwaalspoor nie. Dit het niks met sy moord te make nie.

Malan se optrede is veragtelik. Hy is 'n klad op die naam van die Parlement, op die naam van die Suid-Afrikaanse Weermag en op die naam van beskaafde Suid-Afrikaners.

Die staatsprsident se hande lyk skoon. Hy sê nou hy het net van die begin van die jaar van die BSB geweet, en dadelik opdrag gegee dat dit ondersoek moet word.

Dit is jammer hy het nie onmiddellik die publiek daarvan ingelig nie.

Maar dit is uiters belangrik dat De Klerk, wat saam met Nelson Mandela nou simbole van hoop vir die nuwe Suid-Afrika geword het, sy naam en rekord skoon hou en dadelik van dié vrot appel in sy kabinet ontslae raak.

Suid-Afrika kan nie maande lank wag vir 'n kommissie se verslag daaroor nie.

## Natal

Meer as wat die ANC-leiers Nelson Mandela en Ahmed Kathrada verlede Sondag oor die voortslepende bloedbad in Natal gesê het, kan niemand sê nie.

Albei leiers het gesmeek dat alle wapens in die see gegooi moet word, doodsfabrieke gesluit word, en dat mense van alle politieke oortuiginge en gemeenskappe hande moet vat en die burgeroorlog beëindig.

Ons hoop van harte dit bly nie by praat nie, en dat die leiers van die ANC en die UDF dié vredesboodskap nou op die grond aan elke gemeenskap sal oordra.

Maar die onus rus nou op hoofman Mangosuthu Buthelezi, die leier van Inkatha, om ook op so 'n onvoorwaardelike en sterk manier sy volgelinge aan te spreek. Die tyd vir voorwaardes stel en vinger wys is verby; die menseslagting moet nou ophou.

Buthelezi moet ook nie net praat nie. Hy moet al sy ondersteunende groepe en tuislandstrukture opdrag gee, nie versoek nie, om die konflik te staak. En hy moet sy krygshere vasvat.

Wat meer is, Buthelezi moet nou stappe doen om die beeld wat hy van homself begin kweek het, naamlik dat hy 'n aggressiewe, megalomaniese stamleier is wat die Natal-bloedbad amper as 'n soort onderhandelingsposisie gebruik, ontslae raak.

Soos Mandela sal ons ook graag 'n gesamentlike Mandela-Buthelezi-saamtrek in Durban wil sien waar vrede 'n werklikheid gemaak word.

## Die polisie

Ons berig in dié uitgawe van ernstige bewerings dat polisiemanne van die veiligheidstak die motorsleutels van 'n aktivis in die hande gekry het en duplikate daarvan vir hulself laat maak het.

'n Mens huiwer amper om te sê watter moontlikhede in 'n mens se kop ontstaan. Laat ons liewer volstaan deur te sê daar rus nou 'n verpligting op elke landsburger om die waghond van ons ontluikende vryheid te word.

As daar êrens in die land - veral in die platteland en afgeleë gebiede - amptenare of lede van die veiligheidsmagte is wat hul magte oorskry of die De Klerk-regering se nuwe benadering van oopheid en 'n vryer gemeenskap saboteer, moet ons opstaan en dit aanspreek. Anders sal ons nie van dié houdings en praktyke ontslae raak voordat ons die nuwe Suid-Afrika binnegaan nie.

Vrye Weekblad se deure - en hopelik ook dié van ander koerante - staan oop vir mense wat getuienis van misbruike het soos dié wat in Oudtshoorn plaasgevind het.

Kom ons roei dit saam uit en maak ons nuutverkreë vryheid nog sinryker.



Klaar gepraat...

## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown, 2113.**

# Spot met die monument, maar los die dooies

**Haas van Linden skryf:**
Max du Preez se Emily Hobhouse-review het my laat wonder: Hoekom?

Hoekom act die Engelse so superior teenoor die Afrikaner? Hoekom lag die Afrikaner tevrede as die Engelsman sy taal krom uitspreek? En ja, hoekom het die kampe so 'n bietjie van 'n grap geword?

Ek het altyd geglo tweetaligheid is bietjie van 'n oorlas. Die skoolkinders innie maroon of donkerblou uniforms sê loop, soutie, en by jou eie skool is jy Afrikaner vrot banana.

Maar deesdae sê ek baie dankie. My Suid-Afrikanerheid is daaroor duidelik. Miskien omdat my huistale beide Engels en Afrikaans was, weet ek wanneer die perke oorskry word.

Buitelanders moet oppas en ligloop as hulle Die Krugerpark Disneyworld noem (die enigste Disney-aspek is die luidrugtige Amerikaners).

'n Mens kan maar die Royal Family en die Voortrekkermonument lekker mock, maar los die dooie vrouens en kinders uit.

## Weermag se oë

**Ben Coetzee van Roodepoort skryf:**
Die minister van Verdediging sê die BSB is die weermag se oë en ore. (Inderdaad, "if looks could kill".)

Van dié oë en ore, gerig teen vyande van die staat, weet sy adjunk en die Volksraad tot vandeesweek niks.

Ek dink ek verstaan sy probleem met die vyande. Trouens ek raai dat 'n vrye verkiesing sou toon dat 'n oorgrote meerderheid van die land se bevolking sulke vyande van die staat is wat spesiaal dopgehou moet word.

Ek dink ek verstaan die geheimsinnigheid ook. Die minister voel seker dat die deel van die bevolking wat nie vyande van die staat is nie - hulle sal sommer weet wie hulle is - hom blindelings kan vertrou om hulle belange pragtig te definieer, daarna om te sien en hulle privaatheid te respekteer. Te hel met die res, en hulle sal wel weet wie hulle is.

Parlementêre debatte en wette, normaal gekontroleerde speurwerk, howe en gevangenisdienste pas natuurlik ook iewers in die goed/sleg-prentjie, maar eers wanneer die geheim uit is.

Tot onlangs moes die minister gevoel het dat al dié instellings en instansies min te make het met die vyande van die staat waarmee die weermag gemoeid is. Toe die polisie, geregtelike kommissie en die Volksraad egter daarvan te hore kom, vind die minister dit nodig om sy BSB se bedrywighede op te skort. Erken hy dat hy verkeerd was, of is die Volksraad, die polisie en kommissie nou besig om die staat te bedreig? Wat sê die President?

## Wat van Smit?

**HJ Schutte van Stellenbosch skryf:**
Deur u inisiatief begin daar nou duidelikheid kom in die saak van politieke moorde oor die afgelope dekades.

Dit wys wat 'n moedige pers kan doen wat nie aan die leiband van politieke base loop nie. Almal wat glo aan wet en orde en 'n regstaat het hoë waardering vir u pogings.

Wil u nie ook 'n bietjie navorsing doen oor die moord op Robert Smit en sy vrou in die vroeë tagtigerjare nie?

Miskien kan u bronne van inligting ook daarop lig werp.

Destyds was daar gerugte dat Smit oor kennis beskik het wat "gevaarlik" was.

## Dankie kameraad

**Lochner de Kock van Melville skryf:**
Ek het vanaand met belangstelling kennis geneem van kameraad Magnus se onthulling van Anton Lubowski se "waardevolle werk wat hy ondergronds vir die Weermacht sou verrig het, as gewerfde lid van die BSB".

Ek hou van die Nuwe Suid-Afrika van ons. Lyk my, True Confessions (believe it or not) is nou toelaatbaar. Nou maar goed, dan wil ek ook confess, of liewer ook my klein monoloog in die Nuwe Drama van die Absurde lewer:

Baie dankie kameraad Magnus vir die waardevolle werk wat jy vir Swapo se People's Liberation Army of Namibia verrig het, terwyl PW die strande opgepas het. Wie sou dit nou glo? Hmmmmm?

## Inligting

**RJ Gouldie, hoof van Springs Boys' High, skryf:**
Springs Boys' High will be celebrating their 50th Anniversary in 1990 and the school magazine will run a feature on illustrious past pupils of the school.

We would like to urge readers to help us make this an exciting and successful event, by submitting any information that could help us make contact with past pupils, here and abroad.

All information to be submitted to Dennis Watson at PO Box 11009, Selcourt 1567 or phone the school at 818-2175.

## Loting broodnodig

**Sue Clark van Rondebosch, Kaapstad skryf:**
Recently, speaking to a friend here on holiday from Australia, I heard details of the state lottery that accrues an enormous amount of money for the Australian government. The price of a ticket is regarded as a little extra tax with the enticing possibility of winning a million.

Someone else mentioned that in Egypt bread is free; completely state subsidised.

Would not the amalgamation of these two ideas, a "Bread Sweepstake" be a boost for a new South Africa and a way of redistributing wealth?

Perhaps it is time for a pragmatic approach. Let us abandon the hypocrytical ban on gambling which is ludicrous in the face of thriving horse racing institutions.

Let us rather utilise the all too human traits of hope, the need to dream and even greed, for surely the income from a possible 10 million affordable R2,00 tickets per week could go a long way to provide a basic staple for all.

*Vervolg op bl 22*

# Magnus is 'n agent vir die Marxist Workers' Tendency...




Magnus PI se manewales in die parlement oor die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) het gesorg vir 'n nuwe laagtepunt in ons parlementêre geskiedenis.

Bittergal hoor selfs 'n paar Nat-LP's moes vinnig hand voor die mond sit om nie openlik te lag toe hy met die Lubowski-is-'n-spioen-storie kom nie.

Skielik is alles moontlik. Wees voorbereid om môre te hoor die ander man wat nie so lank gelede glo deur Magnus se agente vermoor is, David Webster, 'n spioen vir die Kappiekommando was - en Magnus homself 'n agent vir die randgroep Trotskyiste, die Marxist Workers' Tendency.

* Die siekste van die hele onsmaaklike spektakel is sekerlik dat 'n eenheid van die Weermag wat homself besig hou met die moord op teenstanders van die regering, homself juis 'n "samewerkingsburo" noem.

## Parle wat?

Is dit nie opvallend hoe oneindig irrelevant die Driekamer-parlement geword het noudat die fokus na 'n nasionale politiek verskuif het met die vrylating van Nelson Mandela en die wettiging van die ANC nie?

* Al wanneer die parlement deesdae die nuus haal, is wanneer FW 'n belangrikse toespraak maak of Magnus sy naam gat maak. En dan kry parlementslede nog sulke reusagtige verhogings!

## Et tu

Dat Malan so desperaat is om sy loopbaan te red dat hy sulke twak in die parlement kan kwytraak, is een ding. Wat bitter jammer is, is dat van Brolloks se kollegas in die joernalistiek lustig daaraan meegedoen het.

Soos die Citizen wat vertel van hoeveel honderdduisende Rande aan Anton Lubowski bestee sou gewees het; soos Chris Olckers van TV wat sê sy bronne vertel Lubowski was 'n "briljante" spioen, en soos Beeld en Die Burger wat oor hul voete val om een van die openbare lewe se meer onsmaaklike karakters, Craig Williamson, aan te haal oor hoe knap Lubowski was sonder dat hy wat Williamson is, enige inligting hoegenaamd oor Lubowski het.

* Anton Lubowski is as 't ware twee keer vermoor.

## Dis vordering

'n Mens weet daar is vordering in die land as die SAUK se Natwerk al begin praat van "sogenaamde Kleurlinge"!

## Suksesse

Suid-Afrika is nie 'n land met 'n geskiedenis van groot politieke suksesse nie.

Maar die een beweging wat heeltemal suksesvol was, is die Release Mandela Campaign.

* Dié staan nou glo bekend as die Released Mandela Campaign...

## Klomp Iere

Dié een kan net op Ingels oorvertel word.

What do you call a group of Irishmen standing on a hill?

* A thicket...

## AWB! AWB!

Dan is daar die storie van die Joodse breinchirurg wat hom vir 'n pasiënt vererg het wat die hele tyd skreeu "Deutschland über alles!" Hy sny toe 'n derde van die brein uit, en toe die man bykom, skreeu hy "Deutschland über!" Ná nog 'n derde sê die man net "Deutschland!", maar die dokter is nog nie tevrede nie, en sny toe sommer die laaste derde ook uit. En wat skreeu die man toe?

* "AWB! AWB! AWB!"

## Vat hom, Dennis!

Te pikant dat die Citizen se eksentrieke (nee, dis nie laster nie), regsgesinde (dit ook nie), oorwerkte (dis eerder 'n kompliment), obsessiewe (hmmmm...) en hoogs irriterende (wel....) redakteur, Johnny Johnson, nou so seergemaak voel oor 'n skewe verwysing na hom in Denis Beckitt se Frontline-tydskrif dat hy 'n reusebedrag vir beweerde laster eis.

Is dit nie dieselfde man wat week na week in sy rubriekie in die Ingelse Burger mense allerlei name noem nie - soos Harvey Tiresome vir die Star se redakteur en Mad Max vir Vrye Weekblad s'n?

* Brolloks wil nou nie ook (weer) in die hof loop staan vir laster nie, so hy sal hom bepaal by Height Street Diary, Johnson se rubriek. Dit is die mees infantiele, vervelige, patetiese en onintelligente rubriek in die geskiedenis van die joernalistiek suid van die Sahara.

## Skrif teen die muur

Die jongste grafitti in Yeoville...

* Put your cop on a block.

# ...en Moeder is 'n betaalde agent van die weermag en sy het goeie werk gelewer

VRINDE, Egbertus kan vandag dramaties onthul dat Moeder 'n betaalde agent van die Weermag is. Sy het inderdaad goeie werk gelewer, en die goeie nuus is dat sy gevolglik nie deur die Weermag vermoor sal word nie.

Onse Weermag is werklik 'n volksweermag, demokrasie inkluis, en ons vermoor net diegene wat hulle nie op agentskap kan beroep nie. Die hele ou blik wurms is nou op die tafel, en in die verte hoor ons vrind Craig Williamson stil ween omdat nog 'n cover geblow is. Oswald, wat sy vinger op die pols van die regswese hou wanneer hy dit nie in die grond druk om te saai nie, vind dit vreemd dat die minister tot nou toe stilgehou het dat Moeder aan die kant van die engele verkeer. Om die polisie-ondersoekspanne van ons land en van Namibia in die duister te hou oor so 'n wesenlike feit kom minstens neer op 'n dwarsboming van die gereg.

Maar dit kan natuurlik nie wees nie, het Magnum PI dan nie in die parlement self gesê dat hy die weermag altyd as synde onder die reg beskou nie? En dat die weermag die howe respekteer nie? Nou kom Oswald wys vir julle hoe die weermag onder die internasionale reg staan: hy val vreemde lande binne, hy verbreek die integriteit van hul grense, hy ontvang selfs sy Volksheld op vreemde bodem, hy blaas oliebergingsplekke in die buiteland op - alles onder die internasionale reg?

Ag, 'n klein mistykie, Kom ons kyk dan na sy agting vir die plaaslike reg: die BSB se manewales word hier uitgesluit, want Egbertus kan nie Brolloks en Bittergal se blad ook volskryf nie. Maar ons weet reeds hoe die weermag onwettig optree teen burgers en organisasies en dan die polieste mislei.

Respek vir die howe wys 'n mens natuurlik deur in 'n hofaansoek aan te voer dat die howe nie jurisdiksie oor die weermag het nie: en deur te bewerkstellig dat die howe van hul bevoegdheid om moorde en ander misdade te bereg, ontneem word deur presidensiële edik. Te mooi.

Moeder voel al hoe minder geneë om met so 'n organisasie geassosieer te word, sy oorweeg dit om te bedank en na die Presidentsraad te verhuis. Seg Moeder nou weet sy aan wie laat Craig Williamson haar dink: aan James Bond, natuurlik. Nee, nie die voorkoms nie, daar is subtiele verskille daar; dis net dat Craigieboy homself as James Bond aansien. Dis die styl, sien.

## Donkerwerk

Intussen berig Moeder vanaf die front dat Joe Slovo al die jare vir die AWB werk, dis dié dat hy nog nie deur hulle geteer en geveer is nie. Moeder moet die dinge berig, al maak dit haar seer, sy verrig immers goeie werk vir die vaderland. Sy gaan juis aansoek doen om die nuwe telefoondiens wat net snags in werking tree. Seg sy dis 'n diens wat net aan spioene beskikbaar gestel word, hul werk is so geheim dat hulle net in die donker kan bel. Wanneer hulle nie katte knyp nie.

## Free enterprise

Van die poswese gepraat, die ministerie het 'n pragtige wins gemaak, gevolglik moet pryse verhoog word. Enigeen wat die ekonomie ken, sou dit verstaan. Hoe minder seëls en dinge jy verkoop, hoe minder wins maak jy. Dan stoot jy jou pryse op sodat die mense makliker die seëls en dinge kan bekostig, en dan maak jy 'n wins. Almal is natuurlik dankbaar daarvoor, want dan kan hulle weer die pryse opstoot. Dit word free enterprise genoem in ons ekonomiese kringe. Die Koeksistergilde werk al lankal op dié beginsel.

## Vooruitgang

Vrinde, as julle Afrikaans wil leer, wie beter om dit te doen as 'n Griek, of dalk 'n Polinisiër? 'n Mens moet tog logies wees oor hierdie dinge. Waar kan jy nou byvoorbeeld verwag dat 'n swart burger vir witmense sy taal moet leer? Die minister is in die kol: ons moet ons skole beskerm teen die gedagte dat swart onderwysers in wit skole kan onderrig gee, en dan nog op gelyke grondslag as die witbase boonop. Dis 'n vorm van vooruitgang, sien, soos die slak wat vooruitgaan en nooit daar kom nie.

Uit die aard van die saak moet ons kinders nou wetenskap leer by taalkundiges, wiskunde by sangonderwysers, en geskiedenis by wiskundiges. So kan ons net 'n volk bou wat terselfdertyd in alle rigtings kan kyk, soos die jakkals wat oë agter sy kop gehad het, maar dis 'n ander verhaal.




## Saamstaan Burgers

Miesies Klaagvoort kom nou net uitasem hier ingestoom, Die Burger in die hand. Dit gaan oor een van daardie sappige hoofartikels, geliefdes, wat net 'n koerant van daardie formaat kan uitkarring. Kyk, ons woon in 'n nuwe Zuid-Afrika, die president het so gesê en nou moet elke goeie koerant natuurlik volg.

Soos 'n uitgespoegde ou patat word die eens geliefde ou Volksheld eenkant toe gegooi, en nuwe lojaliteite blom oornag. Maar die fondamente van 'n nie-rassige, demokratiese bestel sit maar swaar op die tong van die redaksie van die voorbeeldige Burger.

Hierdie prettigheidjie gaan oor die hitsquads, gaan alles dan nie daaroor nie? Seg die artikel die ondersoek moet nou bespoedig word, sodat 'n mens kan verstaan waarom sekere optredes nodig was! Klink dit dan nie kompleet na die verontskuldigende confessions van Magnus PI, voormalige geloofwaardige nie?

Die ou spul staan maar steeds saam; daarvoor is die denkproses mos uitgeknip, stereotiep tot jy wil stuipe kry.

## Taalvermuf

Daardie ridder van die Vrystaat, Kobietjie Coetsee, is 'n romantikus wat hou van so 'n stukkie poetry wanneer all else fails. Nou die dag in die parlement haal hy 'n limeriek aan oor die young lady from Riga, who went for a ride on a tiger. Maar helaas, vrinde, die romantiek is groter as die taalvermuf, en toe die stomme siel Riga uitspreek as Reega, val die ou rympie ook plat. As die minister al sy konsentrasie bymekaar skraap, en hy "tier" reg kan uitspreek, maak hierdie nuwe werkie dalk sin:

Daar was 'n minister van oorlog
wat ry op die rug van 'n tier;
die tier gooi hom af
en nou lyk hy meer laf
as die oorlog waarmee hy so spog.

## Kalahari-oseaan

In die woestyn is daar 'n gemeenskap van skaapwagters en dies meer. Water is so skaars soos integriteit in sommige hoge kringe, en die grond lewer niks meer as 'n paar eerlike grasprietjies op nie, as dit die dag goed gaan. Oswald is doodsbleek ten aanhore hiervan. Dis die gemeenskap van Mier.

Landelik, 'n paar hutte om 'n waterput, en verder 'n soort van 'n weiveldgedoente. Nou wil die regering 'n pad of 'n ding bou, en Mier is in die pad. Die bestaande wetgewing dwarsboom die planne van die Skoon Administrasie. En die oplossing? Maak 'n nuwe wet wat met die haal van 'n pen die weiveld tot township verklaar. Julle dink dis Egbertus se afskeidsgrappie? Dink weer. Dis die reine waarheid, reiner as Moeder se hart, seg sy, al seg sy dit self.

Dis soos om 'n wet te maak wat die Kalahari tot oseaan verklaar. So 'n drogspul sou darem nou beteken dat die Kalahari oopgestel is vir almal. Miskien moet 'n mens dankbaar wees vir small mercies.

# SAUK-perde

**WJ Lubbe van Strand skryf:**

Die laaste skote moet nog klap in die protes teen die SAUK se besluit om perde-wedrenne in SA met R1 miljoen te borg. Die kerke sal seker nog hul stem laat hoor, maar dit gaan baie verder as die veld van die kerke.

Die ondersteuning van elke Suid-Afrikaner, wat die waansinnigheid van die SAUK se besluit nie steun nie, is nodig om te verseker dat die "geleerde professor voorsitter" van die SAUK, sy Raad en Bestuur besef dat hul prioriteite uit pas is met die wense van die samelewing en dat dit nie "net 'n klompie predikante" is wat beswaard voel nie.

Die SAUK se beeld in die oë van die man in die straat laat veel te wense oor. Die beëindiging van die dienste van die voormalige direkteur-generaal het nie juis die aansien van die Korporasie verbeter nie. Die opvolgers skep die indruk dat die Korporasie onder 'n soort diktatuur staan wat duidelik uit voeling is met die wense van die publiek.

Dit blyk dat die Voorsitter, sy Raad en die Bestuur nie besef dat Suid-Afrika onder die lande van die derde wêreld resorteer.

Hierdie mooi en ryk bedeelde land gaan gebuk onder te veel ernstige probleme in bykans elke afdeling van ons maatskaplike, ekonomiese en politieke lewe. Die Korporasie kan 'n groot taak verrig om, deur navorsing, die maatskaplike probleme en euwels voortdurend en pertinent onder die aandag van die publiek te bring en te hou.

Maar nee, die SAUK verkies om R1 miljoen aan te wend om perdewedrenne te bevorder - net asof die perdewedrenne in 'n krisis verkeer.

Ek doen 'n beroep op elke regdenkende Suid-Afrikaner om op die sterkste moontlike wyse protes aan te teken deur petisies op te trek en briewe te skryf aan hul parlementslede, die koerante en selfs aan die Staatspresident.

'n Nuwe SAUK-raad moet eersdaags saamgestel word. 'n Gesamentlike poging kan die gevolg hê dat die nuwe Raad bekend sal wees met Suid-Afrika se behoeftes op alle terreine.

## Laat Bester en Bruce nou vry

**Chris de Villiers voorsitter van die ECC, skryf:**

The End Conscription Campaign views with concern recent revelations about the role of the so-called Civil Cooperation Bureau (CCB) of the SADF.

This unit is currently being investigated by the police in connection with the murders of Dr David Webster and Advocate Anton Lubowski, as well as bombing incidents, acts of arson, assaults and intimidation. According to newspaper reports, the CCB is organised into cells, each operating in secret and in isolation so that members of one cell do not know who the members of the other cells are. This structure is obviously calculated to allow the unit to operate beyond the law in a completely unaccountable way.

The SADF has admitted that the CCB exists and that its task is to act against "aggressors". According to the police, the CCB targeted organisations such as the UDF and the ECC.

We are not at all surprised by these revelations, dismal though they are. Since 1985, the End Conscription Campaign and its members have systematically been harassed, intimidated and assaulted. The harassment has taken various forms. The security police have, in the past, detained almost 100 ECC members without trial, for periods ranging from a few hours to many months. ECC members have been raided and harassed by the security police. No charges have ever been proven against ECC members. At the same time, innumerable incidents of violence and intimidation against ECC members have been carried out. Members' homes have been petrol bombed, bricks have been thrown through windows, car tyres have been slashed, brake lines cut, individuals have been assaulted and have received threatening phone calls, and ECC activities have been disrupted by thugs spraying teargas, for example. Needless to say, the police have had no success whatsoever in investigating any of these incidents.

In September 1988, the ECC obtained an interdict against the SADF, after an officially sanctioned campaign of unlawful harassment and intimidation by the SADF was exposed. The court found that the SADF had acted unlawfully and dismissed its arguments that South Africa was in a state of war and that the SADF could therefore do as it pleased.

The inference is almost irresistible that many or most of the above-mentioned attacks on the ECC and its members formed part of the SADF's illegal harassment of the ECC. We challenge General Magnus Malan to deny that the CCB has ever committed any unlawful acts against the ECC or its members.

It is clear to us that some elements of the SADF still consider themselves to be above the law. Such an attitude would be serious enough it it were confined merely to the lower echelons of the Defence Force. As the proverb states however: "The fish rots from the head", and it is regrettably obvious that acts of murder, terror and intimidation have been condoned, if not actively promoted, by the most senior members of the SADF and probably, members of the cabinet. In this regard, we note that the CCB is headed by a General and that it is part of the Special Forces, whose activities are controlled by the Chief of the Defence Force.

It is hard to believe that the activities of these secret units were not sanctioned by the State Security Council, of which the Minister of Defence was a member. Thus, the Government itself, and the Minister of Defence in particular, must be held responsible for the actions of the CCB.

We believe that the CCB should be disbanded immediately. The ECC believes that it is crucial to rebuild respect for the rule of law and for human rights, and to create a culture of openness and accountability in Government. There is absolutely no place in this scenario for death squads within the Security Forces, with a mandate to operate illegally.

We are concerned that the SADF shows no sign of taking appropriate action regarding the CCB. On the contrary, it has defended the unit's existence. General Magnus Malan has attempted to divert attention from the CCB and its murderous activities by making allegations about Advocate Anton Lubowski. As a notorious, repeatedly exposed liar, General Malan can hardly expect that the public will be impressed by his expedient "revelations". General Malan should resign immediately, before he brings further disgrace on the Government and the SADF.

At present, the SADF remains primarily a conscript army. At the very least, conscripts have the right to expect that the force into which they are conscripted will operate legally and will remain politically neutral. The SADF is manifestly unable to meet these requirements. Until such time as the SADF is accountable to all the people of South Africa and its adherence to the law guaranteed, conscription cannot be justified, and the ECC repeats its call for an end to conscription.

The revelations about the CCB further vindicate the position of conscientious objectors. The continued imprisonment of Charles Bester and David Bruce, at a time when other political prisoners are being released, gives cause for shock and disbelief. They should be released immediately.

# KLEINADVERTENSIES

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Clara of Laetitia (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

## Persoonlik

Die Takhare vir Vrede sê generaal, generaal uittree!

Die Bleskoppe teen Apartheid sê sit jou pet op en bedek jou skaamte

## Werk

Experienced committed tutor needed for a Saturday Education programme in Pretoria. Subjects: English, Afrikaans, Maths, Science, History, Biology & Geography. Teaching through the medium of English. Please phone Jenny (011) 339-2392

## Woonplek

Orange Grove: verblyf beskikbaar vir huiswerker in ruil vir ligte take. Bel Gwynne (w) 836 2151

Progressiewe vrou, hond en twee katte soek kothuis dringend, verkieslik in grys gebied vanaf 1 April. R600.00 maksimum. Bel (021)88 8781 na ure

Nagraadse student of professionele persoon om aangename woonstel in Kenilworth, Kaap te deel, skakel (021) 619233 na 6nm

Troyville - Mansbewoner benodig vir volledig toegeruste woonstel in pragtige groot huis. Huur R200 vanaf 1 Maart, bel 614-9000

Persoon gesoek om huis in Brixton te deel. R250 per maand, bel 839-2173 na 7nm.

Huis te deel in Kensington, Johannesburg. Ruim, ou gerestoureerde huis met tuin, bel Jeanet by 614-8093 (h)

Professionele "mixed couple" soek een- of tweeslaapkamerwoonstel/huis vanaf 1 Maart. Maksimum R600 per maand. Skakel 633-2465 (w) of 648-2900 (h)

Bekwame, betroubare huishulp benodig akkomodasie in Brixton. Beskikbaar vir huiswerk drie dae per week. Werk reeds twee dae. Vergoeding onderhandelbaar. Vir getuigskrif en navrae skakel 782-471/6 kantoorure of 837-1358 na ure


HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........

Adres: ..........

..........

.......... Poskode: ..........

Telefoon: ..........

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK


## Dienste

Set builder anytime any period. Specialises in far away places. Good CV. For more information phone 788-4501

**Yoga Class**

- A garland posture. Ashtanga, Iyengar, Hatha, Tantra, Kundalini. Private tuition available. Special classes for pregnant women. Please call Ushke at (011) 614-5398

***TAROT readings***

Uncovering what you really are, of letting yourself be yourself, of letting everything that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614-5398

**Dienspilg Adviesdiens.**

Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

**POWA** (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642 4345

*Visual art courses*

Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evening for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm during office hours.

***Vertaalwerk / Proefleeswerk:***

Engels/Afrikaans, Afrikaans/Engels, alle tekste (ook tegnies). Redelike tariewe. Faksdiens ook beskikbaar. Skakel Julia (021) 797-3412.

## Gebeure

Die Johannesburgse Kindertehuis bied die volgende program aan: STEP-TEEN, program vir ouerpare - sistematiese onderrig vir doeltreffende ouerskap van TIENERS. Vanaf 25 April tot 20 Junie 1990. Die program word oor nege weke op Woensdagaande aangebied. Alle belangstellende ouers moet Joan Rubinstein of Cheryl Lyons skakel by 648-1120

Woensdag 7 Maart - U word uitgenooi om u wegneemete om 1nm na die USIS-ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's getiteld **"The Spirit Of Houston - A Decade Of Achivement"** (A discussions of **National Women's Conference**). Almal welkom

*DISABLED.*

A morning seminar entitled "Harnessing the skills of the disabled" will be staged by the Women's Bureau on Friday 9 March at Rand Afrikaans University. For more information and booking phone Brenda McCrorie, 802-2301

Die Albie Sachs-literêre fynproewersvereniging kom dié week by Sun City bymekaar om die Afrikaner verder te besing.

## Mark

Illustrations, comics, logos and graphics designed and executed. Good, quick and cheap. Contact M Krouse and A Lord at (011) 339 6880 day and night


Kashgar

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566


Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan

# Vroue gaan mans inhaal, sê Jenni




**Tim Sandham**

JENNI GRIFFITHS (foto) oorheers vroue-fietsry soos geen ander sportster in Suid-Afrika sy of haar sportsoort oorheers nie.

Sy is die SA padfietsry- en halfstandaard-driekamp-kampioen en het die Pettini-tydtoetsreeks die afgelope twee jaar gewen. Sy het ook die Harrismith-vierdagbyeenkoms vir vroue ingepalm en op 6 Februarie vanjaar die eerste Suid-Afrikaanse vrou geword wat 40km in een uur kon aflê.

Laasgenoemde prestasie was lank een van Jenni se vernaamste doelwitte. Sy het 40,374km in die toegelate uur afgelê.

"Ek voel ek kon beter gedoen het as die weer dit toegelaat het, maar my poging was deel van die bekendstelling van Tom Learmont se boek Cycling in South Africa en kon dus nie uitgestel word nie."

Hoewel Jenni sowat 200km per week aftrap, beskou sy dit as relatief ligte oefening. Sy is 'n kopieskrywer - 'n beroep wat hoë eise aan haar stel en verhinder dat sy soveel tyd aan fietsry afstaan as wat sy graag wil.

Jenni se werkgewers ondersteun haar, maar met dié verstandhouding: haar werk kom eerste.

Sy sou haar sport graag heeltyds wou beoefen. "As iemand bereid is om my 'n salaris te betaal, sal ek voltyds deelneem, maar ek sal myself dan meer op fietsry toespits, eerder as op driekamp."

Dit is nie dat Jenni meen haar borge skeep haar tans af nie; inteendeel: "Hulle bederf my. Hoewel ek geen geld verdien nie, word al my onkostes, wat duur toerusting insluit, gedek." (haar fiets kos R8 500!)

In die standaard-driekamp (1,5km swem, 40km fietsry en 10km hardloop) geniet Jenni die fietsry die meeste en die swem die minste. "Dis eintlik vreem want ek het vroeër vir Oos-Transvaal geswem. Deesdae vaar ek betreklik swak daarin."

Tydens 'n wedloop monitor Jenni haarself voortdurend; haar energievlak, haar geestestoestand, afstand afgelê, tydsverloop en die posisie van haar naaste teenstander.

"Daar is geen sprake dat 'n mens net afskakel en vorentoe beur totdat jy uiteindelik die eindstreep oorsteek nie. Jy moet elke oomblik bewustelik aanpak. Jou gedagtes mag glad nie dwaal nie."

Jenni se kwaaiste teenstand kom van Louann Rivett, Renee Scott en Sibis Mouton. (Mandy Dean, wat haar vroeër opgekeil het, neem nou in Duitsland deel).

Jenni se beste tyd in die driekamp - 2 uur 8 min - is sowat 10 min stadiger as die tye wat die voorste mans aanteken. Dit weeg egter goed op teen die tye van die wêreld se top-vroue.

"In dié stadium sou ek baie goed vaar as ek in die VSA kon deelneem."

Die tekort aan internasionale deelname het Jenni se vordering beslis gekortwiek - en die moontlikheid van buitelandse deelname in die nabye toekoms lyk maar skraal.

Jenni voorspel dat vroue vorentoe sterk teenstand aan hul manlike eweknieë sal bied in langafstandwedrenne, nes die atleet Frith van der Merwe verlede jaar in die Comrades. Paula Newby-Fraser (voorheen van Suid-Afrika) het onlangs tiende in die Hawaiise ysterman-kompetisie geëindig.

"Vroue sal nog beter vaar as hulle meer gesofistikeerde oefenmetodes volg," meen Jenni.

Saam met Mandy Painting en Jane Wood vorm Jenni die eerste permanente vrouespan in Suid-Afrika. "As Cheryl Marais haar ook by ons aansluit, sal ons werklik gedug wees."

Jenni was verlede jaar in 'n openbare twis met die Transvaalse Driekampvereniging en die SA Driekampfederasie. Sy het geweier om 'n borg se kenteken gedra nadat sy op eie onkoste na Gordonsbaai moes reis om Suid-Afrika re verteenwoordig. Sy het ook kapsie gemaak teen die lae standaard van die sogenaamde internasionale span waarteen hulle moes deelneem. Sy het die plaaslike driekamp-administrateurs hiervoor verkwalik.

Jenni moes van die media verneem dat sy haar Junior Springbokkleure kwyt is. (Dit is dus nie net ons krieketkeurders wat so optree nie).

Sy is boonop vier maande lank geskors, sonder dat sy 'n kans gekry het om haar saak te stel.

"Ek en die administrateurs van die sport kom deesdae goed oor die weg, maar ek het my lus vir die driekamp verloop."

Jenni meen 'n goed besoldigde administrasie sal die driekamp-bestel hier aansienlik verbeter. Voorts moet groter borgskappe beding word. (Sy het twee jaar gelede as SA kampioen 'n skamele R100 verdien!)

Volgens haar moet driekamp aan die publiek bekendgestel word. "As driekamp goed op TV aangebied word, is dit 'n boeiende leunstoelsport. Ons moet onafhanklike filmmaatskappye oorhaal om goeie dekking te lewer en aan die SAUK te verkoop. TV-dekking lok groot borgskappe."

Jenni sal nie sommer met die fiets winkel toe ry om brood of melk te koop nie. "Ek het eenvoudig nie tyd vir 'junkmileage' nie. Ek neem eerder foto's of kyk 'n goeie fliek."

Fietsryers se loopbane duur betreklik lank. Alan van Heerden neem al vir meer as 20 jaar op beroepsvlak deel. Jenni, wat vanjaar 34 word, het nog 'n lang loopbaan voor haar.

Haar eerste doelwit is om haar SA rekord in die 3000m te verbeter. Dan wil sy ook 'n groter afstand in 'n uur aflê.

"Ek wil die horlosie in Mei die stryd aansê, maar dié keer op die Krugersdorpse fietsrybaan, wat minder stamperig is as Hector Norris. Ek wil my poging ook nie koppel aan 'n ander geleentheid nie. As die weer nie saamspeel nie, sal ek eerder later probeer."



Weyni Deysel

# 'Sideways glance' vermaak

**Tinus Horn**

**EDWARD GRIFFITHS skryf met selfvertroue wat aan arrogansie grens.**

**Dit is juis dit wat sy daaglikse sportrubriek in Business Day, waarvan 'n keur onlangs onder die titel "A sideways glance" verskyn het, lekker leesstof maak.**

**Te oordeel na dié klein boekie (74 bladsye) is daar bitter min dinge in die sportwêreld waaroor Griffiths nie 'n baie besliste mening het nie; by hom is daar vir middeweë geen plek nie.**

**Ongelukkig neig hy soms om onbenullighede te romantiseer. Die beste rubrieke in die versameling is dié wat in 'n ligter trant geskryf is en só aan sy gladde moralisering ontkom.**

**'n Hoogtepunt is byvoorbeeld North South Trivia, oor die jaarlikse rugbywedstryd tussen Noord en Suid. Omdat dié wedstryd rugbygeesdriftiges koud gelaat het, het die borge besluit om skares te probeer lok deur die "lovely Miss SA" die loting te laat doen; sonder noemenswaardige welslae.**

**Griffiths is werklik uitgeknip vir die rol van sportskrywer; hy is 'n geesdriftige in die ware sin van die woord. Dit is jammer dat sy heldeverering vir sekere sportmanne (Danie Gerber, Naas Botha, Brian Mitchell) sy objektiwiteit skaad.**

**Om 'n daaglikse koerantrubriek te skryf, is geen kinderspeletjies nie en Griffiths se waagmoed verdien lof. Boonop skryf hy deksels goed.**

**'A sideways glance' sou nouliks as onontbeerlike leesstof vir sportgeesdriftiges beskryf kon word, maar vermaaklik is dit beslis.**

**Vrye Weekblad**

*Alle Politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

*Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

*Die Telefoonnommer is 836-2151. Die posadres is Posbus 177, Newtown.

*Die Blad word gedruk deur Caxton Bpk van Commandoweg, Industria.

Bl 23: 'Vroue gaan mans nog inhaal'

## Min teenstand uit eie geledere verwag

# SARR besluit oor eenheid


**Tinus Horn**

**DIE toekoms van Suid-Afrikaanse rugby sal volgende week op die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) in Kaapstad uitgepluis word.**

**Volgens Dr Danie Craven, voorsitter van die Raad, sal daar stellig op dié vergadering 'n besluit geneem word oor eenwording met die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (Saru).**

**"Ek hoop die saak kan gou tot 'n punt kom. Die totstandkoming van 'n nuwe beheerliggaam is nou my vernaamste oogmerk."**

**Dit is duidelik dat Craven min teenstand uit Raadsgeledere vir sy eenheidsplanne verwag.**



Danie Craven

**Volgens hom is die magstryd tussen die South African Council on Sport (Sacos) en die National Sports Congress (NSC) in hierdie stadium 'n veel groter struikelblok in die weg van nie-rassige rugby.**

**Hoewel Saru amptelik deur Sacos beheer word, het verskeie rugbyklubs hulle reeds by die NSC geskaar. Die NSC beweer dat Sacos glad nie meer relevant is nie, en voorspel dat Saru binnekort in sy geheel aan die NSC geaffilieër gaan word.**

**Dit sal 'n mate van geloofwaardigheid aan die NSC as sportliggaam verleen. Tot dusver het hy 'n hoë profiel as politieke beweging gehandhaaf, maar min direkte belange in die sportwêreld gehad.**

**Die NCS het onlangs daarin geslaag om Mike Gatting se rebelle vroeg huis toe te stuur, wat wys dat hy groot invloed het, maar sy beeld na buite verskil tans nie veel van dié wat Sacos deur die jare opgebou het nie.**

**Hy kan nie veel langer teer op kritiek teen establishment-sport nie, hy moet aan sportmanne 'n alternatief bied.**

**Sacos het in die verlede verskeie belowende sportmanne, wat gevoel het hulle bevind hulle in 'n doodloopstraat, aan die establishment-beheerliggame afgestaan.**

**Sacos, wat noue bande met die Pan Africanist Movement het, is veel minder inskiklik as die NSC en verwyt laasgenoemde dat hy "uitverkoop" deur byvoorbeeld geld van groot buitelandse maatskappye te aanvaar.**

**Dit wil ook lyk asof Saru-lede wat die NSC goedgesind is, meer bereid is om met Craven-hulle saam te werk as wat Sacos ooit was. Dit is glo NSC-bemiddeling wat verlede week se eenheidsamesprekings tussen Saru en die SARR moontlik gemaak het.**

**'n Groot knelpunt by dié vergadering was Craven se aandrang op 'n toer deur 'n wêreldspan later vanjaar. Saru - en die NSC - is glad nie hiervoor te vinde nie.**

**Sacos het in die verlede heeltemal onrealistiese eise gestel, alvorens hulle internasionale mededinging sou duld.**

**Hulle het byvoorbeeld niks minder nie as 'n nuwe regering geëis - iets waaroor die sportbase immers geen beheer gehad het nie.**

**Die volgende voorwaardes sou 'n billike bloudruk wees vir 'n terugkeer tot internasionale mededinging:**

**Een oorkoepelende beheerliggaam;**

**Die algehele oopstelling van alle klubs;**

**Die verbetering van geriewe in swart woonbuurte;**

**"Affirmative action" waarvolgens sportmanne wat deur die stelsel benadeel is, 'n geringe voorkeur geniet wanneer daar byvoorbeeld spanne gekies word.**

# Wêreldrekord wink vir Frith

**Hazel Woodward**

Die feit dat Frith van der Merwe binne drie jaar haar beste tyd in die marathon met meer as vyftien minute verbeter het, laat 'n mens vrymoedig voorspel dat sy binne die volgende jaar of drie die wêreldrekord sal klop.

Dié rekord (2:21:06) staan tans agter die naam van Ingrid Kristiansen. Frith het verlede naweek in Port Elizabeth in Ohlsson se SA Marathon 'n tyd van 2:27:36 behaal. Net vier vroue kon verlede jaar beter tye aanteken.




Frith en die wenner in die afdeling vir mans, David Tsebe, wie se 2:09:50 aan hom die twaalfde plek op die wêreldranglys sou besorg, het getoon dat Suid-Afrika nou een van die wêreld se voorste marathonlande is.

Die standaardmarathon word oor die eienaardige afstand van 42,195 kilometer beslis.

(Dit is in 1908 deur die Britse Koninklikes bepaal. Eintlik moes dit 38 km wees, die afstand wat 'n boodskapper volgens oorlewering van Marathon na Athene moes aflê, maar die Koninklikes het die afstand verleng omdat hulle die begin én einde wou sien).

Die vinnigste marathon nog (2:06:50) is in 1988 deur Belayneh Dinsamo van Ethiopia in Rotterdam afgenael. Enige atleet wat dié afstand in minder as 2:10 aflê, hoort tussen die wêreld se bestes. En dit geld beslis vir Tsebe.

Hy is 'n skugter man wat sê sy gunsteling-afstand is vyftien kilometer. Sy tyd oor tien kilometer is ook vinnig genoeg om hom van 'n plek tussen die wêreld se bestes te verseker.

Tye oor dié afstand is nogal 'n goeie maatstaf van die marathonhardlopers se vermoëns.

Matthews Temane, Bheki (Willi) Mtolo, Zithulele Sinqe en Markus Kooper tel onder ons voorste marathon-atlete. Temane is vinnig oor korter afstande, maar het miskien nie genoeg marathon-ervaring om nou al 'n wêreldtyd te hardloop nie. Mtolo is natuurlik baie vinnig (sy persoonlike beste tyd vir die marathon is 2:08:15) en sou in 'n internasionale wedloop met die wêreld se bestes kon afreken.

Sinqe is natuurlik die SA rekordhouer en ook 'n vinnige man oor enige afstand. Markus Kooper en Gideon Moshaba is albei besonder talentvol, maar neem miskien aan te veel wedlope deel.

Al die bogenoemde atlete spog met puik 10km-tye.

Bruce Fordyce, die beste ultramarathon-hardloper wat Suid-Afrika nog opgelewer het, sal stellig nooit op sy persoonlike beste van 2:17:18 verbeter nie, en dit word in sy relatief stadige tyd oor 10km weerspieël.

Party mense is van mening dat Frith te veel wedlope aanpak, maar die feit bly staan dat sy 'n heel besonderse atleet is, wat nie met dieselfde maatstawwe as haar minder talentvolle teenstanders gemeet moet word nie.

Haar welslae spreek vanself. Dit sou nie vergesog wees om haar as Suid-Afrika se beste atleet te beskryf nie.

Om haar marathontyd te verbeter, behoort Frith haar eintlik op die korter afstande toe te spits. Sy het nog nooit regtig alles uitgehaal oor tien kilometer nie.

# Steve en Koos se koppe gaan waai

**Tinus Horn**

STEVE STRYDOM van die Vrystaat en Koos Vermaak van die Oostelike Provinsie gaan albei waarskynlik volgende Vrydag hul plekke op die uitvoerende komitee van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad verloor.

Na verwagting gaan die kleiner unies saamspan om te verseker dat Hennie Erasmus (Suidoos-Transvaal) en Arrie Oberholzer (Stellaland) Vermaak en Strydom vervang.

Laasgenoemde twee het in onguns verval toe hulle verlede jaar probeer het om die kleiner unies se stemkrag in die Raad te verminder, en saam met Louis Luyt van Transvaal gedreig het met afstigting.


Luyt kan moontlik ook sy plek afstaan, maar na verwagting sal hy Attie Louw van Laeveld, die derde nuwe benoemde, kan uithou. Transvaal se groot inkomste is sy enigste redding.

Niemand gaan dr Danie Craven as voorsitter teenstaan nie, en prof Fritz Eloff sal onbestrede as ondervoorsitter herkies word. Hulle gaan onderskeidelik hul 35e en dertiende termyn in dié poste tegemoet.

VRYDAG

Bylae tot Vrye Weekblad, 2 Maart, 1990

Onder redaksie van ANDREA VINASSA



**Die avant-garde "performance"/ musiekgroep Nkomomnyana, Black Cow, Swart Koei, of Vasche Noire bied vanaand en môre-aand "Meat Hooked on Classics" in Wits se Box-Teater aan. Die vertoning begin agtuur. Toegang R5.**

# Dylan bring dit alles weer huis toe vir die 90's

**ERIC WISHART**

PARYS - Bob Dylan en Eddie Murphy het albei verlede week in die Grand Rex-bioskoop opgetree.

Murphy het die rol van 'n bendelid in "Harlem Nights" vertolk. Dylan het in 'n silwer lamé-pak en 'n silwer kitaar op sy heup opgetree.

Dylan is terug, en besig om op te maak vir die verlore jare in sportstadions en die afslagmandjies in platewinkels. Sy volgelinge het gewoonlik gewonder wat sy beste langspeler was, nou wonder hulle oor sy swakste.

Hy word 49 in Mei, dit beteken dat hy volgende jaar 50 is. Hy het nog nie sy welslae van die sestigerjare oortref nie, en niemand het nog ooit iets soos "Visions of Johanna" geskryf nie. Maar dit was 1965. Wat kan hy ons bied in 1990?


In 1965, toe hy as 'n soort rock-messias beskou is, het iemand hom gevra of hy dink musiek kan mense se lewens verander. "Miskien ná die konsert in die motor op pad huis toe," het hy gesê. "Mense kom net om vermaak te word. As hulle nie vermaak word nie, sal hulle nie opdaag nie."

Die Berlynse Muur het in 1989 getuimel, en Dylan is terug met 'n nuwe langspeler.

"Oh Mercy" is die eerste ordentlike Dylan-plaat sedert "Infidels" in 1983. Maar dit gaan nie die tye verander nie.

Daniel Lanois, 'n Kanadese vervaardiger wat saam met U2 en die Neville Brothers gewerk het, het 'n klank geskep wat pas by die rustige luim van liedjies soos "Man in the Long Black Coat", "What was it you wanted?" "Shooting Star" en "What Good am I". Maar vergeet die vergelykings met Dylan se vroeëre werk, deesdae is die mense maar te dankbaar as Dylan klink soos hy moet.

Le Monde het sy konserte as die beste nog in Parys beskryf, en gesê dis jammer dat die



Olympia-teater nie beskikbaar was vir dié vertonings nie. Dié musiekresensent se pa het hom seker nie vertel nie, maar die laaste keer wat Dylan in die Olympia opgetree het, op 24 Mei 1966, het die Paris Jour gesê: "Dylan gaan huis toe." Le Figaro het ook so gevoel: "Die ondergang van 'n ster."

Dylan se besluit om na die elektriese kitaar oor te skakel is met geweldige teenkanting in Amerika en Engeland begroet. Sy woorde aan die Franse gehoor, wat mense soos Johnny Hallyday en Francois Hardy ingesluit het, was:

"Het julle nie koerante om te lees nie? Moenie bekommerd wees nie, ek is net so gretig soos julle om klaar te kry en huis toe te gaan."

Dylan geniet 'n renaissance, en 'n kwarteeu later besing die Franse pers hom. (Hulle begrip van popmusiek is van so 'n aard dat hulle na Madonna as "Lady Punk" verwys.)

Dylan het weer menslike afmetings begin aanneem. Hy het in 1987 die laaste keer in Parys opgetree, in Bercy, 'n binnenshuise sportstadion met die atmosfeer van 'n koeistal, sonder die warmte.

Dylan in die Grand Rex was Dylan op 'n menslike vlak. 'n Ou art deco-bioskoop cum konsertsaal in 'n vervalle deel van die stad.

Die naaste metro-stasie is 'n dwelmnes en dit is net om die hoek van Rue Saint Denis, bekend vir sy hoere en sekswinkels.

Die Rex is 'n teater in die ou styl, kompleet met leersitplekke.

Die saxofone en ondersteuningstemme, wat sy musiek in die sewentiger- en tagtigerjare so opgeblaas het, was nie daar nie. Deesdae is dit net twee kitaarspelers en 'n tromspeler.

Die ou gunstelinge is afgestof - "Subterranean Homesick Blues", "Highway 61 Revisited", "Rainy Day Woman" en "Lay Lady Lay". Die middeljarige Dylan met wikkelende heupe het 'n verslaggewer van die Kommuniste Party se L'Humanité aangespoor om te skryf dat Dylan lyk soos "'n yobbo uit die suburbs wat Elvis probeer na-aap". Maar dan het Dylan nuwe lewe geblaas in "Gates of Eden", "One Too Many Mornings" en "It ain't me Babe".

Terug na die begin - Dylan op akoestiese kitaar:

"Some speak of the future
My love she speaks softly
She knows there's no success like failure
And failure's no success at all."

En wat gee hy om?

"Ek het genoeg liefde om my, so ek het nie die mense se liefde nodig nie," sê hy onlangs in 'n onderhoud. "Ek het nie nodig om voor 'n gehoor van 20, 30 of 50 000 mense vir hul liefde op te tree nie. Sommige kunstenaars moet. Ek hoef nie. Baie kunstenaars wil die liefde van 'n ander groep hê. Ek doen dit nie vir liefde nie. Ek doen dit want ek kan, en ek dink ek is goed daarmee."

Die Dylan-persona - die ontoeganklike kluisenaar - vorm 'n belangrike onderdeel van die mite. Hy doen niks om daarvan ontslae te raak nie: "Niemand ken my nie en ek ken hulle ook nie. Hulle dink hulle ken my omdat ek 'n paar liedjies geskryf het wat hulle op een of ander manier aanspreek, en hulle kan dit nie uit hulle gedagtes kry nie."

Dylan het egter opgedaag vir Frankryk se Orde van die Kuns- en Lettere-toekenning. Hy het ongemaklik gelyk met die medalje om sy nek en die Franse minister van kultuur, Jack Lang, het hom op die wang gesoen. Die skepper van "Snoopy", Charles Schulz, het 'n week tevore dieselfde toekenning ontvang.

Dylan het in Frans gemompel: "Ek bedank julle met my hele hart - 'n duisend maal dankie."

Soos hy op 'n keer gesê het: "Soms is dit makliker om gaaf as onbeskof te wees. Soms andersom." - AFP



Die lede van Sakhile

# Sakhile se jongste by die Warehouse

**CHARLES LEONARD**

**MMABATHO is nie juis die plek wat bekend is dat h Johannesburg op die gebied van musiek vooruit is nie.**

**Die bekendstelling van Sakhile se nuwe plaat "Phambili" was egter só 'n uitsondering. Die Mmabana-teater het di Mark se Warehouse met twee weke uitgestof toe dié smeulend fusion-groep se nuutste daar bekend gestel is**

**Soos dit die tradisie in Suid-Afrika is, was dié bekendstellin ook nie sonder ironie nie.**

**Die Mmabana-kultuursentrum, waarin die teater is, is 'n indrukwekkende sentrum vir mense van Bophuthatswana en het geriewe vir die aanleer van kuns, dans, drama e sport, en het 'n tandartskliniek, gesondheidskliniek sielkundige eenheid, welsynseenheid, speelgoedbiblioteel en geletterdheidsentrum.**

**Sakhile se konsert by Mmabana, wat geëindig het met di sing van Nkosi Sikelel'i Afrika, was in die gees van eenheid**

**Die week ná die konsert het Lucas Mangope, die hoof va die tuisland, by dieselfde sentrum gesê dat sy tuislanc onafhanklik wil bly voortbestaan en nie deel van Suid-Afrika wil word nie.**

**Gelukkig gaan Sakhile se musiek en plekke soos Mmabana mense en uitsprake soos dié oorleef.**

**Sakhile is net vanaand om 8.30 en more om 3.00 nm e 8.30 nm by die Warehouse in Johannesburg te sien.**

**MY LEFT FOOT**
**Met Daniel Day Lewis, Brenda Frick, Ray McAnnally**

# Hartstogtelike hofmakery

**ANDREA VINASSA**

IERLAND het nie 'n rolprenttradisie om van te praat nie. Ierland is wat letterkunde betref veel meer volwasse - hulle het vir James Joyce, Desmond Hogan... en Christy Brown - en daarom kyk hulle neer op die rolprentmedium. Daar is nie juis ondervinding om van te praat nie of 'n rolprentinfrastruktuur nie, want regisseurs en tegnici gaan werk gewoonlik in Engeland of Amerika.

Dit is dus verstommend en verblydend dat "My Left Foot" só 'n voortreflike prent is, veral omdat die regisseur, Jim Sheridan, hier sy debuut maak.

Sheridan kry sy inspirasie by 'n bron uit sy land se literêre erfenis, 'n semi-outobiografiese vertelling van die skrywer en skilder Christy Brown. Voor hy in 1981 oorlede is, het Brown vier romans geskryf, waarvan ten minste een, "Down All the Days", beskou word as van die voorste boeke van die na-oorlogse Ierse letterkunde.

Die prent word gebou om Brown se verleiding van 'n verpleegster waarmee hy later sou trou. Die rolprent is 'n vereenvoudigde weergawe van Christy se lewe... sy pa was byvoorbeeld veel meer van 'n boef as wat hy in die prent is en Brown meer van 'n dronklap. Hy het wel met 'n verpleegster getrou, maar hulle hofmakery was meer ingewikkeld.

Dat hy 'n volslae Romeo was, skemer egter deur. En soos Brown vir Mary op die skerm verlei, verlei Daniel Day Lewis sy gehoor en voeg hy sy uitdagendste vertolking tot die gigolo in "The Unbearable Lightness of Being", die preutse Engelsman in "A Room with a View" en die neuroot in "Stars and Bars".

Dat die hoofkarakter 'n serebraal gestremde is, wat die aksie fisiek beperk, het in Sheridan se guns getel.

Sheridan, 'n teaterregisseur wat ook die draaiboek geskryf het, laat sy akteurs praat. Hy maak nie gebruik van indringerige rolprenttegnieke soos ingewikelde kamerabewegings en redigeerfoefies nie.

Hy het daarteen besluit om 'n agtergrondstem van Brown se skrywe te gebruik, wat die prent bloot 'n literêre aanhangsel sou gemaak het. Die gevolg is dat die gehoor moet werk om hom te verstaan en saam sukkel met die frustrasie om te kommunikeer.

Emosies soos frustrasie, woede, hoop, hartstog, wanhoop, trouens, Brown se innerlike gille, beland suiwer en sonder soetsappige toevoegsels op die silwerdoek. Die prent probeer nie voorgee dat die lewe vir Brown uiteindelik 'n wonderbaarlike ervaring was omdat hy 'n buitengewone skeppingsvermoë gehad het nie. Ook nie dat hy 'n heilige was nie. Hy het nooit sy situasie aanvaar nie, en soos Dylan Thomas teen die dood gewoed het, het hy voortdurend teen sy fisieke gebreke uitgevaar.

Tydens die verfilming het Day Lewis die hele tyd in karakter gebly, nie omdat hy 'n aanhanger is van die Method nie, maar omdat hy werklik die ergste probleme wou verstaan wat 'n fisiek gestremde persoon ondervind. Die filmspan moes hom die trappe op dra, moes hom onder ligte en oor kabels dra. Hy het selfs gepraat soos iemand wat verlam is. Mense het op die stel om hom geloop asof hy nie daar was nie en hom behandel asof hy 'n idioot is.

Só het dit vir Day Lewis moontlik geword om Brown te wórd, nie net om hom te speel nie. Day Lewis gee briljant uiting aan Brown se norsheid, sy roekelose humeur en sy sjarme. Dit is 'n vertolking vol integriteit.

Sheridan is ook geseën met Brenda Fricker in die rol van Brown se alewig swanger ma. Sy was die heilige!

Brown is in 1932 in Dublin gebore. Hy was een van 23 kinders (waarvan 13 oorleef het) in 'n werkersklasgesin. Weens sy serebrale gestremdheid, het almal aangeneem hy is verstandelik vertraag.

Sheridan fokus breedvoerig op die besonderse vreugdes en frustrasies van Brown se lewe.

Hy het heelwat ondersteuning van sy broers en susters gehad, maar die armoede van die gesin, die feit dat hulle nie 'n rolstoel kon bekostig nie, dat die kinders vier in een bed moes slaap en die gebrek aan opvoeding het sy situasie vererger.

Gevoelvolle aandag word gegee aan die groot oorwinnings en die groot teleurstellings van sy lewe. Dit is 'n prent wat jou met eerbied en nie met jammerte vul nie.

"My Left Foot" eindig op 'n ligte noot, waar Brown en Mary uiteindelik bymekaar uitkom, en sê nie dat hy in die ouderdom van 49 aan 'n stuk vleis verstik het toe sy die eetkamer vir 'n paar minute verlaat het nie.

# Die ontmanning van Viëtnam

**BORN ON THE FOURTH OF JULY**
**Met Tom Cruise, Bryan Larkin, Raymond J. Barry, Caroline Kava, Josh Evans**

**ANDREA VINASSA**



HOE moeg ons ookal vir Viëtnam-flieks is, is "Born on the Fourth of July" onteenseglik 'n goeie prent. Uiters populêr, ja. Epies selfs. Ook kwellend, onvergeetlik. En 'n prent wat twee-en-'n-half uur duur en min vervelige oomblikke bevat.

Dit is ook een van die min Viëtnam-flieks wat 'n mens vanuit 'n ideologiese standpunt nie dwars in die krop steek nie. Ron Kovic het nie 'n man geword op die slagveld nie, ook nie 'n Rambo-agtige psigopaat nie, hy is ontman.

Die soort opruiende indoktrinasie waaraan Amerikaners onderwerp is en wat mense soos Kovic aangespoor het om by die Marines aan te sluit, is miskien vir ons moeilik om te verstaan, maar Stone verduidelik alles deeglik en met onbetwisbare gesag deur middel van al die Hollywood-truuks tot sy beskikking.

Oliver Stone sou "Born on the Fourth of July" in 1978 reeds gemaak het, daarom het die prent 'n effense mosterd-na-die-maal-nasmaak. Die beleggers het hulle geld onttrek vier dae voor hulle sou begin skiet - ná byna twee jaar se werk. Stone het vir Ron Kovic, wie se outobiografie dit is, belowe hy sou terug wees.

Stone het toe die draaiboek vir "Conan the Barbarian" saam met daardie ou oorlogstoker John Milius gaan skryf. En "Midnight Express", "Scarface" en "Year of the Dragon". Hy het ook "Salvador" geskryf en gemaak waarin hy die Amerikaanse regering gekritiseer het vir hulle ondersteuning van regse moordbendes in Sentraal-Amerika. Geen Amerikaanse verspreider wou daaraan raak nie.

In 1986 het hy "Platoon" gemaak. Dit het vier Oscars gewen. Stone het gearriveer. Toe kon hy "Salvador", 'n baie beter prent as "Platoon", uitreik. Toe is dit "Wall Street" en die laebegroting "Talk Radio".

Stone draai nie doekies om nie.

"Born on the Fourth of July" sou miskien 'n meer tydige prent gewees het as hy toegelaat is om dit in 1978 te maak. Ons kan hom seker nie verkwalik dat hy nou die Hollywood-ouens met hulle eie spel wil verower nie. Maar sy ideologiese standpunt bly onbuigsaam soos hy die mites van die Amerikaanse samelewing een vir een ondergrawe. Daar is niks oneerliks aan sy metodes nie. Hy kies altyd die subtieler opsie wanneer hy dialoog skryf en redigeer.

Stone woel jou binnegoed om met omtrent drie verskillende rolprentstyle: daar is patriotiese parades met duisende vlag-waaiende ekstras wat met 'n anamorfiese lens vasgevang word, 'n senu-agtige kamera uit die gesigspunt van die hoofkarakter wat sweef oor 'n liriese Viëtnam-landskap en dan is daar die intieme realistiese tonele waarin Ron Kovic (Tom Cruise) worstel met die alledaagshede van sy tragedie.

Wat 'n mens aangryp is dié uitbeelding van die individu as gebruiksartikel van die groter samelewing/stelsel/noem-dit-wat-jy-wil wat, ná hy of sy sy nut verloor het, weggegooi word. Ná Kovic tydens 'n skermutseling deur die ruggraat geskiet is, is hy na 'n hospitaal in die Bronx gestuur. Stone beeld die haglike toestande wat daar geheers het met afgryslike regstreeksheid uit. G'n wonder hulle wou sy prent nie in 1978 maak nie.

Stone spaar sy gehoor nie vir 'n oomblik nie. Die vernedering wat Kovic met sy tuiskoms moes verduur, sy verval in moedeloosheid en die oorweldigende gevoel van nutteloosheid word met onwrikbare realiteit blootgelê sonder die huilerigheid van 'n "Coming Home" of die romantisering van 'n "Deer Hunter".

Tom Cruise, met behulp van 'n versameling lelike haarstukke, vertolk Kovic se bewuswordingsproses, sy transformasie van patriotiese onskuldige tot driftige anti-oorlog-aktivis, soos iemand wat in 'n Oscar-wedloop is. Cruise sorg vir private oomblikke wat by jou bly spook: eers gee hy vir ons pynlike verwondering en ongeloof oor sy lot, dan ongemak wanneer hy ná sy hospitaal-ervaring al sy bure moet groet, vertwyfeling met sy belydenis aan die gesin van een van sy makkers wat in die slagveld gesterf het, ontroosbare verdriet in die arms van 'n prostituut en beskonke wrewel in 'n tranerige argument met sy té religieuse ma.

'n Mens moet dit aan Stone, Cruise en Kovic gewonne gee...

# The Bard comes to Bucharest

**MACBETH**
**Graham Hopkins, Sandra Prinsloo, Jonathan Rands, Mitzi Booysen and members of the Pact Company**
**Alexander Theatre**

**RANDY LE ROUX**

BRING me Macbeth the blood-drenched Polanski way; even the O'Toole, set your audience rolling in the aisle, way: but not the way of Pact's latest production.

This "Macbeth" strains under attempts to impose on it a certain topicality and "relevance", notice of which is served in the programme by excerpts from "Newsweek" about the demise of Ceausescu.

Then there are SADF-type combat fatigues and a closing scene in which Malcolm plays demagogue, replete with microphone and red flags waved by the crowd.

Seemingly at odds with this, director Reible has made the Macbeths a couple of such mediocrity that one is never much interested in their fate.

There is also the question of Graham Hopkins's Macbeth. Hopkins has not the measure of the Thane and his fortunes, like those of the production, falter long before Birnam Wood comes to Dunsinane.

Blood and comfy domesticity there may be, but there is little resoluteness in Hopkins's performance, and even less nightmare.

It is not so much that to this Macbeth the heinous crimes of a Ceausescu cannot be imputed, nor even that the state-sanctioned political murders carried out by his minions recede in horror; rather it is the lack of conviction which with Hopkins confronts imagined daggers and images inducing insane-ridden insomnia.

Horrors of the mind, nightmares of the psyche there should be: here there are none.

Sandra Prinsloo's Lady Macbeth does not help. She is handicapped firstly by an array of frightful costumes (a burden shared by Duncan and Lady Macduff), dowdy creations the point of whose off-the-peg like ugliness evades me.

But that is nothing alongside the campness of Prinsloo's playing. Avarice, anger, angst, calculation, disintegration, love, lust ... to all Prinsloo sadly brings exaggerated play-acting.

This is the stuff of Shakespeare side by side by soapies; Sue-Ellen Ewing rather than Elena Ceausescu.

While the Macbeths may not be credible, Jonathan Rands's Macduff is eminently so.

And in Rands lays some redemption for the production, for he is the alternate Thane to Hopkins, and brings greater conviction to the role. Quite why Macduff should play king-maker to Terence Reis's Malcolm is a puzzle. For one, Reis severely maims Shakespeare's text by alternate shouting and muttering (Bill Curry regrettably excelled in the latter as Duncan). Reis it is who has to address a Soccer City-like gathering at play's end, and roar into a microphone an invitation to his coronation.

The scene is the most laboured of the many laboured images and allusions to recent events that the production makes.

Using such an approach director Reible has worked wonders with other plays, but here the impression is of artifice, not art.

Artificially lengthy pauses - neither pregnant, poignant nor pointed - characterise a number of the scenes.

The Hopkins/Prinsloo version of the production is much like Macbeth's lament following the death of his wife: " ... but a walking shadow, a poor player/That struts and frets his hour upon the stage,/And then is heard no more: it is a tale/ ... Signifying nothing."

Come cast change time, Rands plays Macbeth, Mitzi Booysen Lady Macbeth, Prinsloo Lady Macduff and Hopkins Banquo. The result falls somewhat short of transmogrification, but the change is notable nonetheless.

Rands and Booysen charge the Macbeths' relationship with sexual spark. Fevered sensuality and ambition-pricking lust are brought palpably to the fore.

We believe the dagger Rands sees before him, and Booysen's descent into insanity does not rely on struggles with sweaters a la Sandra.

Matron to a less ambitious house, Prinsloo manages Lady Macduff well (silly socks aside). Hopkins is very worthy as Banquo, if a trifle boring.

In all, the Rands/Booysen coupling is a better bet for this production. They even succeed in pushing some of its more annoying aspects firmly into the background, though it still signifies little.

